Die Aanhoor, Herkenning, Handeling Volgens Die Woord Van God

Nou, hierdie bande, dié van hierdie byeenkoms vanmôre, word nie verkoop nie, dis net vir die Kerk of vir iemand, want dis oor Doktriene. En in die byeenkomste daarbuite, veroorsaak dit verwarring, omdat twee van ons kwalik presies ooreenstem, maar ons behoort in elk geval een van hart te wees. Maar dit, ons in die tabernakel hier, hierdie bande is, julle let op op die . . . Dis vir net vriende, ensovoorts.

2 Nou laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed. Hoeveel wil graag onthou word terwyl julle julle hoofde gebuig het? Net deur opgeligte hand, sê: "Here, ek's—ek's behoeftig vandag, en ek het U genade nodig," waarvoor dit ook al is.

3 Ons Hemelse Vader, ons nader nou U Troon van genade, omdat ons gevra is om dit te doen. En dit was aan ons vertel deur U Seun, en ons Verlosser, dat as ons U enigiets sou vra in Sy Naam, dit toegestaan sou word. Daarom, Here, wetende dat ons lewe in die skadu's van Sy Koms, en nou staan in die skadu's van Sy genade, sou ons dan vra, Here, dat U sou kies, deur die Heilige Gees, daardie dinge waarvoor ons moet vra. En ons voel vanmôre, dat dit nie teenstrydig met U Woord of U groot geregtigheid, en U genade en barmhartigheid sou wees, dat as ons sou vra dat ons vandag 'n spesiale besoek van die Heilige Gees sou hê nie. Hy in ons midde mag kom en die gedagtes van ons hart onderskei, ons swak plekke aan ons openbaar, en ons siektes genees, en die gebroke harte herstel, en die verlorenes red, en 'n volk gereed maak vir Sy Koms. Here, hoor hierdie gebed.

4 Nou gaan ons U Woord lees. En—en ons bid, Here, dat oor ons Sondagskoolles vanmôre, dat U die konteks sal uitbring van die voorlesing en Dit aan ons harte sal openbaar. Omdat, ons hiernatoe gekom het vir een doel. Daardie doel, alleen, is om U beter te ken. Ons wat Christene is, deur Geloof, wil U beter ken. Diegene wat nog nie Christene geword het nie, wil U ken as hulle Verlosser. Diegene wat siek is, wil U ken as hulle Geneesheer. En ons bid dat daar nie een sal wees wat hierdie gebou verlaat, leeg nie, maar dat elke versoek tot die letter vervul mag word, en elke begeerte toegestaan, en elke—elke persoon gelukkig sal wees, en weggaan van die gebou, en sê, soos hulle wat van Emmaüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met

ons op die pad gepraat het nie?" Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

5 Nou vir julle wat in julle Boek wil blaai. Gewoonlik, het ek uitgevind, dat in die evangelistiese dienste, dat net omtrent twintig of dertig minute die beste impak het vir 'n ingegooide geestelike boodskap en dan 'n altaaroproep. Maar omdat hierdie Sondagskool is, wil ek dit net nie op daardie manier doen vanmôre nie. Ek voel meer gelei om my tyd te neem en oor die Woord te praat.

6 Nou, as enigiemand ongemaklik is, te koud, die enigste ding wat julle hoef te doen, is . . . My broer, die opsigter, is agter in die kerk daar, steek net jou hand op soos *daardie* daar agter, vir hom, en hy sal die hitte reguleer. En ons wil hê julle moet gemaklik wees en baie goed voel. En luister na die Woord, want ons vertrou die Heilige Gees om ons die Woord van God te leer. En kan julle almal goed hoor, in die agterkant? As julle kan, steek julle hande op, as julle—julle goed kan hoor. Dis goed.

7 Nou ek wil hê julle moet saam met my blaai, ek het 'n paar tekste hier uitgeskryf, en 'n paar Skrifte. So ek wil hê julle moet saam met my blaai, eerstens, na die Boek van Romeine, Romeine, die 9de hoofstuk. En ons wil lees vir 'n Skrifles, eerstens, in Romeine 9:11.

> *Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie—dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit werke nie, maar uit Hom wat roep—*
>
> *is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien.*
>
> *Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat.*

8 Mag God Sy seëninge byvoeg by hierdie Skriflesing. En nou vir 'n teks, om my les te ondersteun, wil ek hierdie neem vir 'n teks: *Die Aanhoor, Herkenning, Handeling Volgens Die Woord Van God.* Mag ek dit weer herhaal. "Die aanhoor, en herkenning, en dan handel volgens die Woord van God."

9 Nou, ons is almal ten volle bewus van, ons mense wat die Skrifte dag en nag ondersoek, en ons koerante lees en die nuuskommentators hoor, dat hierdie wêreld nou in die greep van twee groot geestelike magte staan. En hulle is albei godsdienstige magte. En ek glo dat hierdie groot magte spoedig tot 'n punt gaan kom. En albei van hierdie groot magte is verteenwoordig in hierdie twee seuns van Isak. Hoedat God, in Sy oneindige wysheid, alle dinge aan ons vooraf geskadu het; dat ons deur hierdie dinge mag wees, verseker, wat voor ons lê. Dit so duidelik gemaak, dat God en Sy Woord, en die natuur en Sy heelal, so perfek bymekaar gerangskik is, dat selfs die—die sondaar kan sien iets is gereed om plaas te vind. God het dit so gereël. Niemand is sonder verskoning nie.

10 Nou, ons sien in hierdie twee seuns dat toe hulle, voordat hulle nog gebore is, was hulle in stryd met mekaar. Alhoewel hulle maagdelike moeder . . . Want, sy was 'n maagd, die pragtige Rebekka wat met die regverdige saad van God se belofte, Isak, getrou het; dat hulle twee toegewyde, Geesvervulde gelowiges van God was, verordineer tot die einste troue waardeur hulle saamgevoeg is. God het dit vooraf geweet. En hoe kon so—iets deur daardie een moeder, uit een vader kom? Een, 'n baie bose persoon; en 'n ander, baie goeie persoon; en hoedat die goeie persoon gelyk het soos die bose, en die bose gelyk het soos die goeie.

11 Nou dit is, was altyd, sal altyd God se program wees. God kan nie Sy program verander nie. Want, Hy maak Sy program perfek, want dis deel van Hom.

12 In die Tuin van Eden, was sonde so mooi, totdat dit Eva aangetrek het van regverdigheid, na sonde. En in dieselfde Tuin waar daar 'n boom van die Lewe was, was daar ook 'n boom van die dood.

13 Ons sou dit vandag ken as die wet van kontras. Dat, waar daar goed is, is daar kwaad; waar daar reg is, is daar verkeerd. En ons sal nooit, wat ook al ons omgewing mag wees, ooit in staat wees om onsself los te maak van die teenwoordigheid van albei nie. Want, Paulus het gesê: "As ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig." Die sondaar sal nooit in staat wees om los te kom van die Christen, die Christen van die sondaar nie. Daar sal altyd 'n getuie van reg daar wees, en 'n getuienis van verkeerd, altyd. En jy maak jou besluit. Jy moet een of die ander kant neem.

14 Maar in hierdie twee seuns, is dit vreemd om te weet dat, voordat hulle gebore was, beide dieselfde saad, van Isak, wat die belofte was. Nou, ons les is 'n bietjie lank, en ek wil genoeg agtergrond kry totdat julle presies kan sien waarvan ek praat. En die eerste seun, Esau, wat gebore is; ons vind uit dat hulle nie alleen gestry en baklei het in die baarmoeder van hulle moeder nie, maar hulle het uit haar uit gekom, vegtende, Esau wat voortkom, en Jakob wat aan sy hak vashou. En hulle baklei nog steeds.

15 En hoedat, hoe dit kon kom uit daardie perfekte, suiwer, uitverkore, heilige, toegewyde vader of moeder! So om dit te baseer, dat, God geroep het deur uitverkiesing. Dit moet wees. Maak nie saak hoe goed jou vader en moeder was, hoe gaaf hulle was, watter Christene jou vader en moeder was nie, dit lê nog steeds by jou as 'n indiwidu, jou posisie voor God. Hierdie les leer dat, dat hulle, beide die kinders, daar was selfs deur die uitverkore en geroepenes van God, vader en moeder, 'n maagdelike vrou en 'n heilige man, wat uiteindelik afgekom het dat selfs deur sy saad Jesus Christus gekom het. Hy was gebore

as een uit die dood. Hy was getoets, sy vader voor hom. En hy was beloof, deur hierdie saad van Isak, dat die hele wêreld gered sou word. En uit so 'n man, en sy bloed so suiwer dat God selfs nie die Filistyne sou toelaat om ooit die moeder selfs aan te raak nie, nadat Abraham haar oorgegee het aan hom nie. God het sy huis geteister, en gesê: "Jy is so goed soos 'n dooie," en daardie bloedstroom suiwer gehou. En daardie Rebekka, 'n regverdige, heilige, God—gestuurde en God— geroepe moeder. En uit daardie heilige saad het 'n afvallige en 'n gelowige voortgekom. Sien? So dit lê binne God se roeping, God se uitverkiesing.

16 "En voordat enigeen gebore was, het God gesê: 'Jakob het Ek liefgehad, en Esau het Ek gehaat,' voordat enigeen gebore was." So hoe behoort ons te voel. Iemand wat God met jou gepraat het, en jou uitgenooi het om na Sy tafel en na Sy Huis toe te kom, en Sy seun of dogter te wees, daar's niks so groot soos daardie nie.

17 Hierdie twee seuns, as ons hulle geaardheid sal oplet, een van hulle was 'n geestelike man, dit was Jakob. En die vleeslike man was Esau. Maar hulle was albei godsdienstig. En daardie selfde ding het plaasgevind reg af deur die eeu, die vleeslike en die geestelike.

18 Esau het die man van die aarde verteenwoordig, natuurlik, godsdienstig geneigd, maar nooit in staat nie. Dit was nie in hom om dit te doen nie. Hy kon dit nie doen nie. Hy was nooit in hom om in staat te wees om verby die dinge van die wêreld, die vleeslike ding, te klim nie.

19 Maar, Jakob, dit was so maklik vir hom om dit te doen. Nou, Jakob, een doel wat Jakob gehad het, en dit was dat hy verlang het na daardie geboortereg, maak nie saak hoe hy dit gekry het nie, net dat hy dit gekry het.

20 En daardie gees van daardie een geboorte is steeds verteenwoordig in die wêreld vandag, en dit kom nou tot 'n punt: die geestelike gelowige; en die vleeslike mens, vleeslike gelowige. Niemand kan sê hulle was nie albei godsdienstig nie. Hulle was. Hulle het nie gesê dat een 'n "afgod" gedien het en die ander een "God" nie. Hulle was albei dienaars van God.

21 Nou, let nou baie goed op na die Skrifte oor hierdie onderwerp, want ek is seker dit sal julle help. Sien? Nou: "Nie elkeen wat gesê het: 'Here, Here,' sal ingaan nie, maar die een wat die wil doen van My Vader, wat in die Hemel is."

22 Nou as julle oplet, Jakob het een ding gehad wat hy wou hê, want, volgens die Woord, het die seëninge en die—die goeie ding gelê in die geboortereg. En, Jakob, dit was sy enigste doelwit, die enigste ding wat hy in gedagte gehad het, was "kry daardie geboortereg." En Esau het dit verag. Die een wat dit in werklikheid gehad het, het dit verag, of hy was skaam daarvoor. Maar Jakob wou dit hê ongeag van hoe hy dit kry, hy wou dit hê.

23 Dis hoe dit is met die geestelike gelowige vandag. Hy gee nie om hoeveel jy vir hom lag, hoeveel jy bespot, hoe belaglik hy moet optree vir die vleeslike verstand nie. Sy enigste doelwit is die geboortereg. Hy wil by God kom, want dis in hom gebore. Hy kan dit nie help nie.

24 *Jakob* beteken "onderkruiper" of "bedrieër." Maar nadat hy die geboortereg gevind en verkry het, is hy verander. Dis die vleeslike, verandering. Hy is toe genoem, Jakob, 'n "prins met God," wie met Hom geworstel het.

25 Die vleeslike gelowige vandag: "O, solank as wat ek kerk toe gaan en doen wat reg is, watter verskil maak dit?" Dis Esau se groep. Hy bespot en verag steeds die geboortereg, gee nie om daarvoor nie. Maar Jakob het dit liefgehad.

26 En die geestelike man vandag, en geestelike vrou, wat uitverkies is, voorbestem is van God om na die Ewige Lewe te kom, as hulle alles moet verkoop wat hulle het, as hulle hulle naam van elke kerkboek in die volk moet neem, wil hulle steeds daardie geboortereg hê. Dis die enigste ding wat saak maak vir hulle: "kry net daardie geboortereg," dis al. Maak nie saak hoe, op watter vlak hulle moet kom nie, of hulle moet kniel by die altaar en huil, boo—hoo, of hulle moet hardloop deur die—die—die plekke en teruggaan en dinge regmaak, en verkoop wat hulle het, of—of alles weggee wat hulle het, en 'n pelgrim en 'n vreemdeling word, dit maak nie saak nie. Hulle wil die geboortereg hê. Dis al waarin hulle geïnteresseerd is, die geboortereg. Nou, moenie daardie mense blameer nie. Hulle kan dit nie help nie. Hulle is voorbestem daartoe, uitverkies daartoe.

27 En dan sien ons dat hierdie twee, vleeslike en geestelike mense, dis hoe dit altyd gebeur het. Dis hoe dit vandag is. Dit was altyd so.

28 Kain en Abel. In die Tuin van Eden, toe Eden geskep was, was daar twee bome vir 'n mens om sy keuse te maak. Een, het hy wysheid verkry; die ander, het hy Lewe gekry. Daar was twee seuns, Kain en Abel, beide van hulle godsdienstig. Een van hulle het die Ewige Lewe begeer, en hy het geoffer aan God, deur geloof, 'n beter offer as Kain. 'n Perfekte tipe van die kerke vandag: die kerk natuurlik, kerk geestelik. En daar's geen twyfel dat ek met beide klasse nou praat nie, en sal miskien deur die band met tiene van duisende van hulle praat.

29 Maar, kyk, die kerk natuurlik, dis net die kerk vleeslik. Hulle sal nooit in staat wees om bo daardie ding te kom nie van "ek het by die kerk aangesluit. As ek kerk toe gaan, as ek die beste doen wat ek kan, dis al wat God verwag." Nou, dis dieselfde ding wat Kain gedoen het. Hy het gegaan en 'n altaar gemaak. Hy het 'n offer gemaak, die vrugte van die land gebring. En hy het gesê: "Hier is dit, God. Dis die beste wat ek het. Vat dit of los dit." Dis hoe die vleeslike gelowige vandag glo. "Here, ek sal kerk toe

gaan. Ek sal by die beste groep aansluit wat ek kan kry. Ek sal my ledegeld aan die kerk betaal. Ek sal doen wat reg is. Nou, hier is die beste wat ek kan doen. Ek sal help steenkool koop vir die weduwee. Of, ek sal die kinders 'n bietjie klere gee." Dis in die haak, niks om daarteen te sê nie. "Maar daar's dit, dis al. As U dit wil hê, vat dit; as U nie wil nie, hoef U dit nie te vat nie." Nou, dis die gesindheid van die vleeslike kerk vandag.

30 Maar die kerk geestelik! Abel, deur openbaring, deur genade, het hy anderkant dit gesien, en deur geloof het hy aan God 'n beter offer geoffer as Kain. En dit het getuig van sy regverdigheid, God.

31 Dieselfde ding het plaasgevind in Ismael en Isak. Een was van die vlees, en die ander een was van die Gees. Een, van die slavin; een, van die vrye vrou.

32 Dit het dieselfde ding gebeur in Israel en Moab, twee groot kerke wat bymekaar kom. En toe Israel wou gaan na hul beloofde plek, kerk geestelik, Jakob se volk, Israel op die pad, het Esau se volk hulle ontmoet, Moab, magtige kerk. En die groot leier van die kerk, Bileam, het afgekom om sy broer te vervloek, maar hy het gevind dat hy nie sy broer kon vervloek nie. Hy het gefaal, met die blindheid van sy oë, om die voorbestemde plan te sien, dit, en om die Woord van God te sien.

33 Eerstens: "Geloof kom deur die aanhoor, aanhoor van die Woord van God." Dan hoor die gelowige Dit aan, herken Dit, en handel Daarvolgens. Die vleeslike man sal Dit hoor, die klank Daarvan. Maar nooit . . . *Hoor* beteken om Dit te "verstaan." Kyk na, is om na iets te kyk; maar om dit te *sien*, is om dit te "verstaan." "Tensy 'n mens wedergebore word, kan hy nie die Koninkryk sien of verstaan nie."

34 Nou, hier kom Israel, wat opkom met God se belofte, dat hulle op pad was na die beloofde land. Nie ongelowiges nie, maar gelowiges, gelowiges in dieselfde God wat Israel gehad het, uitgekom om sy broer te probeer vervloek, omdat hy gesê het sy broer is, beslis ongeregtig was omdat hy baie dinge gedoen het wat sleg was. Maar, julle sien, hy het nie die uitverkiesing gesien nie.

35 Selfde ding met Esau en Jakob! Esau het geblyk 'n beter man te wees. Hy het gevestig en goeie dinge gedoen. Hy—hy het vir sy ou blinde vader gesorg, wildsvleis vir hom gekry, en vir hom gesorg, en was 'n goeie seun. Baie dinge wat vleeslike gelowiges doen in die lyn van godsdiens, verenigings te help, en—en hospitaalrekeninge afbetaal vir mense, en godsdienstige dinge, maar dis nie waarvan ek praat nie.

36 Moab was goed, 'n groot volk, 'n broer vir hom. En Jakob het alles gedoen, hy was 'n afvallige; maar tog het hy een ding gehad om te behaal, en dit was om daardie belofte te verkry, daardie

geboortereg. Hier kom Israel, Jakob se kinders, met dieselfde doelwit. Nou wie gaan reg wees?

37 Bileam het sewe altare gebou; in Israel was daar sewe altare. Bileam het sewe offers geoffer van rein diere; Israel het sewe offers geoffer van rein diere. Daar, so ver as hulle dit in ritueel sou neem, was Moab net so godsdienstig soos Israel was, Esau net so godsdienstig soos Jakob was, en Kain net so godsdienstig soos Abel was. Maar, dis die uitverkiesing wat hou.

38 Hoe blind! Hoe blind van Esau se kinders, geestelik gesproke, die Moabiete, afgekyk op Israel en gesê: "Kyk na hulle. Hulle is nie 'n denominasie nie. Hulle is 'n klomp afvalliges. Hulle bly in tente. En ons is 'n groot volk. Hulle het kwaad gedoen. En hulle het geen organisasie onder hulle nie. Hulle wikkel net rond, volg 'n profeet." Maar hy het nie die Koperslang en die geslaande Rots gesien wat voor hulle uitgaan nie. Hy het nie daardie uitgeroepe, uitverkore groep gesien wat daardie Goddelike orde van God gevolg het na die beloofde land nie.

39 Dis hoe dit vandag is. Hulle sê: "Dis 'n klomp 'holy—rollers.' Dis 'n klomp mense wat *dit*, *dat* of die *ander* is." Maar hulle sien nie dat dit die leiding van die Woord van God volg nie.

40 Israel was op haar pad na die beloofde land. God, in Sy Woord, het 'n belofte gemaak.

41 Jakob, die rede waarom hy gekies het om daardie geboortereg te vind, ongeag, hy wou dit kry, omdat hy geweet het daardie geboortereg het die seën bevat. Dit het die lewe bevat. Hy het nie omgegee hoe dit gekom het nie, net dat hy dit gekry het. Dit was die belangrikste ding. Watter vlak dit op gekom het, het nie saak gemaak nie. Hy wou dit hê. Hy moet dit hê. En hy het dit gekry. "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, hulle sal vervul word." Hy was op sy pad, en hy het dit nagejaag, en hy het dit ontvang.

42 Israel was op haar pad na die beloofde land. Maak nie saak hoeveel Moabiete en vloeke hulle op hulle probeer sit het nie, hulle het reguit na die beloofde land gegaan.

43 En vandag sal jy nooit . . . Maak nie saak hoeveel wet hulle het, hoeveel dagvaardiging, hoeveel vervolging, hoeveel bose dinge hulle sê, hoeveel keer hulle "holy—roller" noem, hoeveel keer hulle daardie bose dinge sê nie, die kerk sal aangaan. Dit moet. Dit bly in die Woord van God.

44 Eenkeer het twee konings bymekaar gekom. Een van hulle was Agab, 'n slegte een, die ander een was Josafat; kerk geestelik, kerk vleeslik.

45 Agab was 'n grenslyn gelowige. Hy het profete gehad. Hulle was nie ongelowiges nie. Hulle was nie afgodedienaars nie. Hulle was Israelitiese profete. Maar hulle was almal geleer, en gevoed,

en geklee deur Agab, die koning. Dit het soos 'n plek geword waar hulle al die politieke ondersteuning gehad het.

46 Josafat het ingekom, afgekom, 'n verdrag gesluit, wat verkeerd is.

47 Jy moet nooit by ongelowiges aansluit nie. Ons behoort nooit, onder enige omstandighede, ooit ons name op boeke plaas in kerke wat nie in die volle Evangelie glo nie. Nooit! Jy sal in die moeilikheid beland.

48 En hulle het in die moeilikheid beland. En hierdie regverdige man het gesê: "Behoort ons nie eers die Here te raadpleeg, en uit te vind of ons na Ramot—Gilead moet gaan nie?"

49 Nou kyk hoe volmaak het die opset gelyk. "Ons besit Ramot—Gilead. Dis ons eiendom, en die Siriërs het dit geneem van die lewende God. Sal ons nie opgaan en hierdie land in besit neem nie?" En hy het die toespraak so mooi gemaak, en so wettig, en so regverdig, totdat Josafat daarvoor geval het.

50 En, vandag, kan manne in die preekstoel staan met sulke intellektuele en toespraak—makery en geleerdheid, totdat hulle die Krag van die Heilige Gees kan wegverduidelik met die Bybel. Hulle kan Goddelike genesing wegverduidelik. Hulle kan die praat in tale en uitleg verduidelik, hulle kan die doping van die Heilige Gees verduidelik, aan 'n ander dag.

51 Maar 'n man wat uitverkies is deur God, 'n man . . . "My skape ken My Stem." Het jy daardie uitverkiesing van God op jou, sal dit jou nooit laat struikel nie.

52 Josafat het gesê, die regverdige koning het gesê: "Is daar nie 'n profeet, dat ons die Here kan raadpleeg nie?" Agab het voortgegaan daarsonder.

53 Dis hoe die kerk vleeslik vandag maak. O, hulle het kweekskole vol predikers, groot manne, groot professors, intellektueel, gevat, o, goeiste, ver bokant die—die wysheid van die kerk nat— . . . of die kerk geestelik.

54 In die dae van Noag, in daardie dae, kyk na die kerk natuurlik. Wat was hulle? Wetenskaplikes, bouers, slim manne. Maar die uitverkorenes, Henog en Noag, was skaapwagters en boere, nederig, nie geleerd nie, nie slim nie, maar het hulle God geken; iets in hulle, wat beweeg, roep. Ons sal daarby kom na 'n rukkie.

Nou, so Josafat het gesê: "Is daar nie 'n profeet nie?"

55 O, natuurlik, die vleeslike het hulle. "Sekerlik, ons het. Ons het 'n kweekskool hieronder, vol van hulle."

56 Het vierhonderd gebring. Nou, hierdie is nie ongelowiges nie. Hulle is Jehova God aanbidders. Opgekom, en hulle het gesê: "Gee ons 'n klein tydjie en ons sal profeteer." En so het hulle almal bymekaar gekom. En hulle het teruggekom met:

"Die Woord van die Here," en hulle het gesê: "SO SPREEK DIE HERE." Israelitiese profete. "SO SPREEK DIE HERE. Gaan soontoe, die Here is met u. En u sal Ramot—Gilead inneem, want dit behoort in werklikheid aan Israel." En een van die hoofmanne het vir hom twee yslike groot horings gemaak uit yster, as verteenwoordiger, en hy het begin stoot. Hy het gesê: "Hiermee sal u Israel stoot . . . of die Siriërs reg uit Ramot—Gilead stoot."

Maar, Josafat, iets in hom!

57 O, ek hoop dat God dit by julle harte uitbring. Dis niks waartoe jy jouself kan onderrig nie. Dis niks waarin jy jouself kan inlees nie. Dis wat God, deur uitverkiesing, vir jou doen. "Nie hy wat hardloop of hy wat wys— . . . Dis God wat genade bewys."

58 Josafat het gesê: "Hulle is goed aangetrekte manne." Sonder twyfel het hy iets gesê soos hierdie: "Hulle is intelligent, en die slimste manne wat ek ooit gehoor het. Hulle is vir die tyd onderrig. Hulle standpunt is eendragtig. Hulle het 'n groot eenheid onder hulle. En hulle is slim, en hulle het heelwat Waarheid aan hulle.

59 Alle foute het Waarheid. Die grootste leuen wat ooit vertel was, het . . . —negentig [Leë kol op band—Red.] persent Waarheid daarin, die leuen wat Satan vir Eva vertel het.

60 "O, dis 'n klomp waarheid in wat hulle sê: "Maar is daar nie nog een nie?"

61 Wel, wat dink julle het daardie man gesê? "Wanneer ons vierhonderd hier het, van die slimste, die beste? Hulle hardloop nie half kaal hierbuite in die wildernis rond, en skaapvelle om hulle gedraai, of iets nie. Hulle is manne wat ek gevoed het, ek onderrig het. Hulle is nie manne wat nie hulle ABC's ken nie. Hulle is studente, en hulle ken die ding. Hulle bly, dag en nag, die boekrolle en profesie aan die lees. Hulle weet wat reg is. Ek het hulle gereed. En hulle staan hier in eenstemmigheid, vierhonderd van hulle, en sê: 'Gaan soontoe, die Here is met u.'"

62 Maar as ek Josafat se gedagtes kon lees 'n paar minute: "Daar's net iets wat nie registreer nie," sou hy sê. "Daar's net iets wat nie reg lyk nie. Is daar nie net nog een, iewers nie?"

63 "O," het hy gesê: "ja, daar is nog een, maar hy behoort nie aan die organisasie nie. Hy's 'n ander soort kêrel. Hy's net 'n afvallige." Hy's soos Jakob. "Maar ons mag hom vra. Hulle sê hy's 'n profeet. Maar ek betwyfel dit, want hy vervloek my altyd, en sê dat *hierdie*, *daardie* of die *ander*, of hy profeteer nooit goed van my nie." Hoe kon hy? Sien?

64 So hulle het gesê: "Laat ons hom gaan kry. Hy's die seun van Jimla." So hulle het gegaan en hom gekry.

65 En iemand het hom op die pad ontmoet, gesê: "Nou, jy sê dieselfde ding wat hulle sê. Jy moet saamstem met die vereniging. As jy dit nie doen nie, wee jou!"

66 Hy het gesê: "Ek sal net sê wat God in my mond sit om te sê, en niks anders nie."

67 Toe nadat hy soontoe gegaan het, en hulle hom 'n nag gegee het, het hy gesê: "Gaan soontoe, maar ek sien Israel verstrooid soos skape sonder 'n herder."

En Agab het gesê: "Het ek julle nie gesê nie?"

68 Nou, daar's vierhonderd teen een. Vierhonderd opgeleide, slim, geleerde, intellektuele manne teen een klein onkundige, soos ons hom sou noem, Miga. Een man, maar tog het daardie een man die Woord van die Here gehad, dit het die verskil gemaak. Elkeen van hulle was vals, dit was vals bewys. Hoekom was Miga so anders? Moes hy arm wees, om anders te wees? Nee. Die . . . Wat Miga anders gemaak het, hy het gebly by die Woord. Die Woord is waarby hy gebly het.

69 Nou dis belowe dat, in hierdie dae: "God Sy Gees sal uitstort." Dis beloof deur Daniël, dat: "Die mense, in die dae wanneer die rots die beeld in die voet tref, sal die mense wat hulle God ken, groot werke doen." Profesie na profesie! En al die kweekskole, die wêreld, kan dit nie wegneem nie. God gaan dit doen, in elk geval, en mense gaan dit volg. Sien? Die vleeslike en die . . . Die natuurlike kerk en die Bonatuurlike kerk. Julle sien, die Woord maak die verskil.

70 Dis wat Jakob gedink het: "En maak nie saak wat nie, ek weet ek kan nooit geseënd wees, behalwe as ek daardie geboortereg in die hande kry nie. Daardie geboortereg is wat ek in die hande sal moet kry."

71 En, maar Esau het dit gehaat, en sy kinders doen dieselfde ding, steeds, tot hierdie dag. Hulle haat dit. Dit was altyd.

72 Wanneer daar ook al 'n herlewing is, bring dit altyd tweelinge voort. Dis 'n kru skending, opmerking, maar dis waar. Toe daar 'n geboorte uit, uit Isak en Rebekka was, het dit 'n tweeling voortgebring. Toe die wêreld geskep is, het dit 'n tweeling voortgebring, twee bome. En toe Kain en Abel gebore is, het dit twee voortgebring. Toe Ismael en Isak gebore is, het dit twee voortgebring. En toe Esau en Jakob gebore is, het dit twee voortgebring. Een van hulle, natuurlik (een van hulle, van die aarde); die ander een Bonatuurlik. En een het gekyk na die natuurlike, intellektueel; die ander een het gewandel volgens die Gees. Dit was altyd so. Toe die Lutherse kerk voortgekom het . . .

73 Laat ons Pinkster neem, eerste. Kyk na die Pinkster geboorte. Dit het 'n groot, magtige herlewing voortgebring, wat deur die bekende wêreld getrek het, Pinkster. Dit was nie lank na Pinkster totdat selfs Paulus gesê het, dat: "Daar sou manne onder

hulle opstaan, met verdraaide dinge, en sou die mense wegdraai van God." En dis net presies wat hulle gedoen het. Dit bring twee voort.

74 Toe die Lutherse kerk gebore is, het Martin Luther 'n geestelike herlewing voortgebring. Was nie baie lank, totdat Esau hier gekom het, direk na hom, en dit af georganiseer het nie. En dit het twee voortgebring.

75 Toe daarna, het die Metodis, John Wesley, gekom, 'n geestelike herlewing. En daarna, het die organisasie gekom, dit af georganiseer. En dit het twee voortgebring.

76 En daarna, het Pinkster gekom, 'n herlewing. En nou het hulle dit georganiseer, en nou bly hulle in 'n organisasie. En dit bring twee voort.

77 Maar daardie geestelike saad van die lewende God, hoewel dit 'n reisiger moet wees, hoewel dit 'n swerwer moet wees, dit veroorsaak altyd skeiding. Esau het nie baie lank uitgehou by Jakob nie. So gou soos wat Jakob die geboortereg verkry het (prys God), het dit gevra vir skeiding. En wanneer 'n man . . . Ek gee nie om aan watter kerk jy behoort nie, as dit vleeslik is, en jou metgeselle waarmee jy rondgaan, die mense saam met wie jy kaartspeel, en jou literêre verenigings, ensovoorts; wanneer jy die geboortereg verkry, daardie iets wat onderin jou hart is, wat gehonger het vir God, wanneer jy dit ontvang, vra dit vir skeiding. "Kom uit onder hulle, en wees julle eenkant, sê God." Skeiding!

78 Die kerk vestig. Sien, dit kan nie voortgaan nie. Esau was 'n baie goeie tipe van die vleeslike gelowige vandag, nooit in staat om die wêreld te oorwin nie. Hy oorwin nie die dinge van die wêreld nie. Hulle hou steeds van hulle fuifery, hulle dansery, hulle manikuurgrimerings en, die vroue, op hul gesigte, en—en hulle hare sny en—en hierdie klein ou kort kleertjies dra; en—en man hou daarvan om uit te gaan na die snoekerkamers, en—en sigarette rook, en klein vuil grappies vertel; en steeds aan die kerk behoort. Hulle is nooit in staat om daardie dinge te oorwin nie. Esau kon ook nie. Maar tog, om godsdienstig te wees, moes hy vestig op 'n intellektuele begrip. Dis dieselfde ding wat die kerk vandag doen. "Ons sal 'n organisasie word. Ons sal onsself bymekaar sit. Ons sal 'n groep maak, of 'n kliek, of so—iets."

79 En dis hoe die kerk vandag beweeg, die vleeslike en die geestelike, steeds dieselfde. Dit het nie verander nie, en sal nooit verander nie.

80 God se heiligheid. God, as God, projekteer dit, Self. As daar nie 'n sondaar was nie, sou daar nooit . . . sou Hy nooit 'n Verlosser gewees het nie. Maar Hy was 'n Verlosser aan die begin, so daar was niks verlore nie. En Sy Eie eienskappe as 'n Verlosser, het 'n sondaar geprojekteer, daar moes iets wees om gered te word. Voordat daar enigiets gered kon word, moes daar

iets verlore gewees het. En Sy regverdigheid en Sy heiligheid! As daar nooit 'n—'n siek persoon was nie, sou Hy nooit 'n geneesheer gewees het nie. Maar aan die begin, en van die beginne af, Hy was voor die begin. Hy was 'n geneesheer. So daar was niks siek nie, so Hy het 'n siek persoon geprojekteer, dat Hy hulle mag genees, om Hom 'n geneesheer te maak.

81 Uit daardie selfde Heilige Sfeer oorkant waaruit verlossing kom, kom vervloekings. Uit daardie selfde moeder en vader wat Jakob geprojekteer het, het Esau geprojekteer. Sien? Dis God. Hy kan nie Sy plan verander nie. Hulle moet net dieselfde gaan. Die hele natuur sal reguit daarmee saamwerk. Dit moet. Begryp julle wat ek bedoel? Beweeg dit reguit in. Daar moet iemand verlore wees, om gered te word. En as daar nie sou wees nie, Hy, Syne . . . Hy as 'n Verlosser het dit gemaak. Die diepte roep na die Diepte.

82 Soos die klein seuntjie waarvan ek altyd praat, wat uitveërs van die potlode afgeëet het, en die pedaal van die fiets af, hy het swael nodig gehad. En solank as wat daar iets daarbinne was wat gehunker het na swael, moes daar 'n swael iewers wees, eerste, gemaak. Daar moes 'n swael gewees het, voordat hy die hunkering gehad het. En dit, die swael, het hom geprojekteer, toe het hy teruggegaan na die swael.

83 Dis hoe God 'n Verlosser is. En daar moes iets verlore wees, vir Hom om te red, om Hom 'n Verlosser te maak. Dis al wat dit doen, vertoon God. Alle dinge, alles is in Hom; nie in 'n prediker, nie in 'n kerk, nie in 'n organisasie nie, maar in God, dat die uitverkiesing volmaak mag staan. Sien? Dis in Hom. Ja. Die Lutheraan . . .

84 En dan sien ons 'n ander skeiding, dit was Abraham en Lot. Hulle was broers. Maar Lot was 'n vleeslike denker. Hy was altyd uit vir 'n groot ding, iets met baie gouddrade daarin. Net soos 'n aap, soos ek sou sê, wat altyd reik na die blink ding. Daardie gees het nie die mense verlaat, vandag nie. Hulle sal reik na die . . . Hulle gaan na die stad, en hulle sou nie kom na 'n klein krotjie soos hierdie nie. Sien? Hulle wil die grootste kerk hê wat daar in die stad is, die mees intellektuele pastoor, waar die bes geklede mense gaan, waar die burgemeester gaan, na die stad. Dis steeds daardie Esaugees. Het in werklikheid die geboortereg gehad, om mee te begin, noem hulself die Kerk, maar hulle verloor dit omdat hulle Dit verag. Jy kan nie daardie mense kry om op hulle knieë te gaan, en om uit te roep en te smeek tot God, en uitgaan en genesingsdiens hê, en die vervolging van die wêreld verduur, die Heilige Gees ontvang nie. En hulle—hulle wil dit nie doen nie. Hulle verag dit. Hulle noem dit "'n klomp 'holy—rollers.'" Net wat die Bybel gesê het hulle sou doen. Hulle doen dit omdat dit hulle natuur is. Dis die natuur. Soos die kraai en die duif, die twee nature. Hulle hunker daarna omdat dit is wat hulle is. Hulle sal nooit (nooit) die ander sien nie, omdat hulle nie gebore is om dit te sien nie.

85 En die ander een, jy kan hom nie daarvan weghou nie, omdat dit die uitverkiesing van God is. Hy's gebore om 'n geestelike man of 'n geestelike vrou te wees. Iets in hom roep daarna. O, ek—ek hoop hierdie gaan af na 'n plek tot waar ons kan, julle kan sien wat ek—ek bedoel, deur dit af te sluit nou. Nou Abraham . . .

86 Onthou, solank as wat hulle geassosieer was met mekaar, die kerk natuurlik en die kerk geestelik, het hulle nooit die seën ontvang nie. Jakob was nooit geseën totdat hy homself geskei het van Esau nie. En Abraham was nooit geseën totdat hy homself afgeskei het van Lot nie.

87 Lot het sy eie klein bidure gehad in sy kerk daaronder, sy seuns en dogters geleer, en hulle. Maar hy het so 'n lewe gelei, totdat, toe hy begin praat het oor die einde van die tyd, hulle vir hom gelag het.

88 Selfde ding vandag! Jy praat oor Goddelike genesing en die krag van God, ensovoorts, hulle lag daarvoor. Dieselfde gees. Dis die twee groot geeste, godsdienstig, het die wêreld in greep; die gelowige en die ongelowige, die gelowige en die skyngelowige, die een wat die ander naboots. Nou toe Abraham homself afgeskei het . . .

89 Het julle Jesus opgelet? Toe Hy van die Koms gepraat het, tweede Koms, het Hy gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, sal hulle eet, drink, trou, en uitgee in die huwelik." Maar toe Hy gepraat het van die dae van Lot, het Hy nooit iets daaroor gesê nie. "Soos die dae van Lot," dis vir openbaring.

90 Kyk wat het gebeur in die dae van Lot. Daar was Lot daaronder in Sodom, goed gevestig, intellektueel, het een van die groot manne van die stad geword, die regter, in die poorte gesit en die mense beoordeel. Sy vrou het aan al die verenigings behoort wat daar van die stad was. En sy dogters, en almal van hulle, het onder die beroemdes getrou, intellektueel, hoogsgeleerd, slim, gevat. En Abraham het gewoon in 'n tent onder 'n eikeboom. Maar eendag het hulle albei 'n besoek ontvang.

91 En daar was 'n intellektuele prediker wat afgegaan het en gepreek het, en hulle uitgeroep het. Kyk na die—kyk na die boodskap: "Kom uit," het hy aan Lot gesê.

92 En hy sou nooit uitgeroep gewees het, as dit nie was vir die genade van Abraham nie. Gesê: "Kan ek vyftig manne vind, sal U dit spaar? Kan ek dertig manne vind? Kan ek . . . As ek tien vind?" Dis hoe ver as wat hy wou gaan. En hy kon nie eens tien onder hulle vind nie.

93 Geen wonder: "Soos dit was in die dae van Noag." Onthou, Noag was nie die tipe van die Kerk nie; Henog was, wat nie deur die verdrukking gegaan het nie, maar wat verander was voor die verdrukking begin het. Henog het Huis toe gegaan, hy het nie deur die verdrukking gegaan nie. Noag is deurgedra.

94 Nou, hou nou goed dop soos ons opbeweeg hierin. Kyk watter soort teken Abraham en sy familie gekry het. Hulle het die Bonatuurlike gekry. "Abraham!" Hoe het Hy geweet hy was Abraham? "Waar is jou vrou, Sara?" Hoe het Hy geweet hy was getroud, of 'n vrou, Sara, gehad?

"Sy's in die tent."

95 Nou, 'n Man wat daar sit, vleis eet, melk drink, en mieliebrood eet. "Waar, waar is jou vrou, Sara?" Hoe het Hy daardie ding geweet? Hoe het Hy dit geweet? Dink daaraan. Julle noem. . . Julle geestelike mense, laat hierdie in julle ingaan. Hoe het Hy dit geweet, wanneer Hy opgetree het soos 'n vreemdeling, stof op Sy klere?

En toe Abraham gesê het: "Sy's in die tent agter U."

96 En Hy het gesê: "Ek gaan. . ." "Ek, Ek," 'n persoonlike voornaamwoord. "Ek," hierdie Man, God wat Homself bekend maak in vlees. God! Abraham het Hom Elohim genoem. "Ek, Ek gaan jou besoek. Ek gaan My belofte hou. En volgens die tyd van die lewe, gaan Ek jou besoek, en jy gaan hierdie seun hê waaroor Ek met jou gepraat het." En Abraham, 'n honderd. Sara, negentig.

97 En Sara, ver agter in die tent; omtrent vier van die klein tentjies, die hooftent wat agter staan. Agter die flappe, het sy geluister. Sy het dit gehoor. En onder in haar hart het sy geglimlag, gesê: "Ek, 'n ou vrou van 'n honderd jaar oud, en my heer," haar man: "my heer, en oud, en dink dat ons weer saam sou plesier hê, soos jong getroude mense? O, hoe kon dit wees?" En sy het soort van geglimlag.

98 Hy het Sy rug gedraai gehad na die tent. Hy het gesê: "Hoekom het sy gelag?" O, broer, daar het jy dit!

99 Kyk na die kerk vleeslik aan wie die Evangelie gepreek word. 'n Moderne Billy Graham en hulle daaronder wat die Evangelie preek: "Kom daaruit!" Maar het hulle gekom? Nee. Baie, baie, baie min.

100 Hou die groep van Abraham dop, die uitgeroepenes. Nou let op. En Hy het hom hierdie teken gegee, en hy het Hom geglo. En Hy het verdwyn voor hom, en weggegaan. O, hoe dit altyd die skeiding was, die uitgeroepenes!

101 Nou, hierdie twee geeste. Om op te skud met julle, om op te skud nou, om te kom by my plek tot waar ek wil hê julle moet sien. Hierdie twee groepe het baie naby geassosieer, heelpad af deur die eeue, van heel aan die begin van tyd af; die kerk natuurlik, die kerk geestelik. Hulle was deur die Ou Testament, hulle was deur die Nuwe Testament, en hulle is steeds vandag af.

102 Nou, omtrent tweeduisend jaar gelede, het dit by 'n punt gekom, en dit het opgeëindig in twee manne: een van hulle, Jesus Christus; die ander, Judas Iskariot. Nou, Jesus het die Koms

geassosieer, van Sy tweede Koms, dat hierdie twee geeste heelwat verskillend sou wees as wat hulle destyds was. Nou hier is wat ek wil hê julle moet julle—julle klede van Heerlikheid aantrek. Hierdie twee geeste gaan anders wees. Want, Satan het gekom en gewoon in 'n man wat 'n kerklidmaat was, Judas Iskariot, gelewe in die vleeslike kerk, en was 'n vriend van die kerk die hele tyd. Maar hy het ingekom en—en mislei, of het gedink hy het sy broer mislei. Hy het ingekom en gemaak asof hy een van hulle was; die goeie dinge van God geproe, reguit voortbeweeg in die Gees, blykbaar, uitgegaan en die Evangelie gepreek, en duiwels uitgedryf. Maar onder in hom, die hele tyd, was hy Judas, om mee te begin. Die Bybel het gesê: "Hy was die seun van die verderf gebore."

103 Nou onthou, daar's die kerk vleeslik daaragter, die Esau, die Fariseërs en Sadduseërs.

104 Maar hou hierdie kêrel dop wat dink hyself is net 'n . . . Hy sal saamgaan met die Boodskap vir 'n tydjie, maar hy wil net nie sy hande te veel Daarop sit nie. Sien daardie geeste? Jesus het gesê: "Dit sal so naby wees aan die regte ding, dit sal die einste Uitverkorenes mislei," Uitverkore, as julle dit sal oplet: "as dit moontlik was." Maar dit is nie moontlik nie. Sien, dit sal mislei.

105 Nou kyk, nie net die vleeslike kerk nie, die een daarbuite nie, die gewone alledaagse vleeslike kerk, die Esaugroep nie.

106 Ons het nou die Judas—teriaanse groep, wat baie gevaarliker is, baie gevaarliker, wat opkom reg in die einste hande van die seëning in. Net soos in Hebreërs 6 vers 10, hoe hy gesê het: "Wat eens deelagtig geword het en die kragte van die toekomstige wêreld, gesmaak het, en al hierdie dinge gedoen het; as . . . en as hulle dan die kennis van die Waarheid ontvang het, en as hulle dan opsetlik afvallig raak." "Opsetlik," wat is dit? "Wat die Bloed van die verbond, waarmee hulle geheilig is as iets onheiligs reken."

107 Laat my vir julle 'n illustrasie gee. Hier is dit. Hier is 'n man, hy's 'n goeie kêrel, gawe seun. Hy's geroep, hy voel in sy hart hy wil 'n prediker wees. Goed. Hy aanvaar Jesus as persoonlike Verlosser. Hy's 'n gawe seun, niemand kan enigiets teen hom sê nie. Later, die onderwerp van heiligmaking. Die man begeer wanneer hy na vroue kyk. Hy . . . Dis in hom. Sien? En dan, volgende ding, miskien het hy gerook, en hy wil rook. Miskien wil hy dobbel. Miskien wil hy 'n sekere slegte ding doen. Hy weet hy behoort dit nie te doen nie, so hy sê: "O God, wend die Bloed van Jesus aan my, en heilig my."

108 En hy word geheilig. Hy kan skree, die Here prys, 'n paar dinge doen, ook, uitgaan en iets doen. Onthou, Jesus het gesê daardie soort sal daar wees op daardie dag. "Baie sal kom en sê: 'Here, het ons nie geprofeteer, gepreek nie? Het ons nie duiwels

uitgedryf in U Naam nie?'" Jesus het gesê: "'Ek het jou nie eens geken nie, jou bewerker van ongeregtigheid.'" Sien, daar is hulle.

109 Nou hou dit nou dop. Ons kom by die maak van die honderdste miljoenste van 'n haar, reg af na die skerp kant van die Evangelie: "Skerper as 'n tweesnydende swaard, wat selfs sny na die skeiding van die been en 'n Onderskeier!" Halleluja! God, laat dit deurgaan. "'n Onderskeier van die gedagtes van die verstand." Dis die Evangelie, die Krag van God. Die Woord van God gemanifesteer is die Evangelie.

Julle sê: "Die Bybel het gesê. Dis—dis die Woord van God."

110 Wel, die Woord gemanifesteer is die Evangelie. Die Evangelie het nie na ons gekom net deur die Woord nie, maar deur krag en demonstrasie van die Heilige Gees, om die Krag te demonstreer, die Evangelie te laat lewe.

111 Toe ek na Indië gegaan het, het die aartsbiskop van—van die Metodiste kerk uitgekom, gesê: "Mnr. Branham, ons wil niks weet van 'n sendeling nie. Ons weet meer van die Bybel as wat julle almal ooit sal weet." Gesê: "Ons was 'n kerk, en het hier gevestig tweeduisend jaar voordat julle 'n volk was." Dis reg. Maar gesê: "Ons hoor dat God jou besoek het en 'n gawe gebring het wat die Bybel kan laat lewe." Gesê: "Dis waarin ons geïnteresseerd is." O, goeiste! Sien, daardie man was 'n seun, nie 'n kleinseun nie, soos Dawid gesê het. Sien? "Ons wil weet. Is dit waar?"

112 Ek het gesê: "Sekerlik, dit is waar. 'Jesus Christus dieselfde gister, vandag en vir altyd.'"

113 Nou, let op na hom, die kerk natuurlik wat die kerk geestelik vervolg. Nou, ons vind dan uit dat Judas wat voorgegee het om 'n broer te wees, 'n broer, en toe opgeëindig en uiteindelik gekom het by 'n klimaks.

114 Nou hou hierdie jong prediker dop. Hy kom na 'n plek, hy sê: "Here, ek het na vroue gekyk. Ek behoort dit nie te doen nie. Ek het, jy weet, soort van die dinge van die wêreld gedoen. Ek behoort dit nie te doen nie. Ek het my geld gespandeer op perde wedrenne. Ek—ek behoort dit nie te doen nie. Ek—ek het elke aand na filmvertonings gegaan. Ek behoort dit nie te doen nie. Ek geniet selfs vulgêre prente en dinge soos daardie, ek het knipportrette in my kamer. Ek behoort dit nie te doen nie. Dis dinge van die wêreld. Heilig my, Here!"

115 En die Here het gesê: "Goed, Ek sal dit doen." Hy wend die Bloed van Jesus Christus aan en heilig hom.

116 Dan, wanneer hy dit doen, een aand gaan hy verby en hy hoor iets. Hy gaan oor en luister. Hy hoor van die doop van die Heilige Gees, die vulling van die Gees. Dan kyk hy oor daarin: "O, goeiste, is dit nie wonderlik nie! Maar, sê, dit sou my bediening ruïneer as ek dit preek. Dit sou mammie my uit die huis laat

stuur. Hulle sou my uit my kerk gooi as ek ooit daar in sou gaan. O, ek beter wegbly daarvan. Maar laat my daardeur kyk. Ja, dis die Waarheid, die Bybel."

117 Wel, soos 'n sekere beroemde prediker, wêreldwyd bekend, gevind was onlangs (deur 'n man wat saam met my was in Puerto Rico) op sy knieë, aan die praat in tale, in Londen, Engeland. 'n Magtige man, een van die grootste evangeliste in die wêreld vandag. En hierdie man, sy broer wat saam met my hier is, 'n Geesvervulde man, het na hom toe gehardloop en gesê: "O, broer, daar's dit."

118 Hy het gesê: "Ek weet dit. Ek weet dit. Maar, kyk, laat my jou iets vertel."

119 Hy het gesê: "Preek dit nou. Preek dit. Hierdie is die uur. Met jou invloed, kan jy die wêreld skud."

120 Hy het gesê: "Nee, ek kan dit nie preek nie. Sien, die—die kerk sou my wegwys. Ek kan dit nie preek nie. Ek kan dit nie doen nie." O, broer!

121 "Nadat eenmaal geheilig was, en opgekom het om die kennis van die Waarheid te ontvang, Daarin te kyk, sien dat Dit reg is; en wegdraai, siende dat hulle aan hulself die Seun van God kruisig, en Hom tot 'n openlike skande maak, skaam vir die Evangelie."

122 Paulus het gesê: "Ek is nie skaam vir die Evangelie van Jesus Christus nie, want Dis die Krag van God tot redding." Dis die Krag van God wat onder Sy Kerk werk.

123 Maar hulle het gesê: "Ek kan dit nie doen nie." Hierdie man het gesê: "Hulle sal dink ek is pinkster. Hulle sal my maak . . ." Hy het gesê: "My—my reputasie sal geruïneer wees." O, broer!

124 Ek het geen reputasie nie. Ek dink aan Syne. Sy reputasie, dis die Een.

125 Maar sien hoe naby hulle Daaraan kan kom, julle weet: "En reken die Bloed van die verbond waarmee hy geheilig was, 'n ding waarmee hy geheilig is en hom uit die wêreld geneem het, en hom Hier binne—in probeer plaas. En hy kyk Daarna en hy het die kennis Daarvan. Om weg te draai Daarvan, bly daar geen offerande vir sonde nie," het die Bybel gesê: "maar 'n vreesbevange soeke na die oordeel en die vurige verontwaardiging sou, sal, wat die teenstander sal verteer. 'Want My kom die wraak toe,' spreek die Here. Hy wat Moses se wet verag het, het gesterf sonder genade, onder twee of drie getuies. Hoeveel groter straf, en erger straf, hoewel waardig, 'n prediker wat die Bloed van Jesus Christus onder sy voete vertrap het, nadat hy die kennis van die Waarheid ontvang het, en Dit as iets onheiligs gereken het." Sjoe!

126 Sien waar is ons? Jesus het gesê: "Wees versigtig." Sien hoe Judas was? Hy was reg saam met hulle. Hy was die Esau, groter gemaak vir hierdie eeu. Hy was die misleier, die nabootser, groter

gemaak vir hierdie eeu. Hier kom hy reg op na, weer, 'n broer van Jesus, voorgegee as 'n broer. Maar in sy hart, was hy die ou vleeslike kerk die hele tyd, want dis waar hy Jesus verkoop het. Hy het Jesus verkoop, sy geboorteregte, net soveel soos Esau dit gedoen het vir 'n pot sop. Hy het sy geboorteregte verkoop vir dertig silwerstukke.

127 Menige man en vrou het vandag hulle geestelike geboortereg uitverkoop vir 'n bietjie gewildheid, sekere klein dingetjie van die wêreld wat jy nooit oorwin het nie; sekere klein, vroue, 'n dra van grimering en knip van hare, dra van kort klere; mans, vir klein vuil grappies en sigarette rook, iets van die wêreld. "As jy die wêreld of die dinge van die wêreld liefhet, is die liefde van God nie in jou nie," sê die Bybel.

128 Ek wil julle nie seermaak nie, maar ons is by die einde. Ons kom nou op, ons kom nou baie vinnig by die leer op.

129 Sien hoe dit is? Hulle doen dit. Hulle is voorbestem. Hulle mag naboots en net so soet en nederig wees, net so naby, soos Christene, so naby dat hulle die einste Uitverkorenes sal mislei; maar aan hulle vrugte sal julle hulle ken.

130 'n Vrou met 'n kortbroek aan, het nooit vir my na 'n Christen gelyk nie. Die Bybel het gesê: "Dis 'n sondige en 'n skaamtelike ding vir 'n vrou om haar hare te sny." Net een vrou in die Bybel wat ooit haar gesig geverf het, was Isébel.

131 Wat van mans, julle mans wat veronderstel is om Christenmans te wees, en julle vroue dit laat doen? Wanneer, God julle sal verantwoordelik hou daarvoor! Nie mans nie! Vleeslik! "O, ek sal dan uitgaan en by hierdie kerk aansluit." [Leë kol op band—Red.] ". . . jy dink daaroor." Dis presies wat die Skrif gesê het hulle sou doen, en dis net presies wat hulle gedoen het. En dis wat hulle sal doen, toegee!

132 Iemand het gesê: "Billy, as jy nie daarmee ophou nie, sal jy almal laat weggaan."

133 Daar's een Ding wat nie sal gaan nie, die Heilige Gees, want Dis Sy Woord. En die ware voorbestemde gelowige sal nie weggaan nie, want Dis Voedsel vir sy siel. Hy is lief Daarvoor. Niks kan hom Daarvan weghou nie. Hy sal enigiets doen, soos Jakob, maar hy wil daardie geboortereg hê. Hy sal daar staan. Ek gee nie om of dit elke vriend kos wat hy het, of dit sy werk kos, of dit sy kerklidmaatskap kos, of dit alles kos nie. Hy sal steeds daaraan vashou, want hy kan dit nie help nie. Daar's iets in hom, wat hom beweeg, die diepte wat roep na die Diepte, o, daar het julle dit, iets in hom!

134 Kyk, enigiets wat julle wil vind in die Bybel, en dit optel hier, gaan terug na Génesis en sien waaruit dit gebroei het, sien waarnatoe dit kom. Al die geeste en bewegings vandag, gaan terug na Génesis. Dis wat ons gedoen het, om aan julle te bewys hierdie dinge wat julle sien, vriende. Moenie dit vergeet

nie. Moenie dat dit bo—oor julle kop gaan nie. Laat dit in julle inweek. Dis die dinge van God. Dit kom tot 'n punt; en Jesus het voorspel dit sou weer tot 'n punt kom in die laaste dae, en dit sou hierdeur wees: die Seël van God, en die merk van die dier; twee geestelike magte wat saamwerk.

135 Nou, enigiemand weet dat die Seël van God die geboortereg is, die doop van die Heilige Gees. Efesiërs 4:30 sê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van julle verlossing." Toe hulle wedergebore is, is hulle gevul met die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die nuwe Geboorte, ons weet dit. Julle is—julle is verwek uit die Gees, ek sal dit erken. Maar totdat julle gebore is!

136 Daar's 'n baba wat verwek is in sy moeder se baarmoeder, dit het een soort lewe. Dis lewe, en sy klein . . . die klein selletjies in sy liggaam draai en skop en spring soos *daardie*. Maar wanneer dit gebore word, het dit 'n . . . [Broer Branham klap sy hande een keer, om 'n hou na te maak—Red.] Soos daardie, en dan skree hy uit, word 'n lewende siel.

137 En 'n baba kan kerk toe gaan en sê: "O, ek glo in kerk. Ek, ek sal gaan, ek sal *dit* doen. En ek's 'n goeie . . . Ek wil reg doen, ek wil reg doen." Maar wat dit nodig het, is die Evangeliehou om dit wakker te maak, om uit te roep na Ewige Lewe; en die Heilige Gees skree daarin, soos Dit nooit tevore geskree het nie. Dan is dit 'n nuwe skepsel, dis gebore uit die Gees. Begin dan groei, beweeg, en het sy bestaan in God; sien, net soos 'n baba, natuurlike baba, sy bestaan het in die wêreld.

138 Dan as hierdie aardse tabernakel vergaan, het ons een wat wag, sien. Net so seker as toe die natuurlike liggaam voortgekom het, daar 'n geestelike liggaam is om dit te ontvang toe dit uit sy moeder uitgeval het. En wanneer dit uitval uit die moeder, aarde, kom, wat is, dis in die baarmoeder daarvan nou, kreunend, huilend (O God!), kreun, werk, oud word, en siekte, en alles wat dit belas, en die gees aan die binnekant daarvan wat soek na 'n land aan die oorkant van die rivier. Dit kreun, draai, spring, (ja, meneer) want daar's 'n lewe daarbinne wat vir altyd lewe. Dis 'n liggaam wat moet sterf. En een of ander tyd, net soos 'n moeder die natuurlike baba laat uitval het, en die geestelike liggaam dit ontvang het: sal die aarde uitval, en die liggaam van die natuurlike sal uitval, en die fisiese liggaam . . . of die hemelse liggaam sal dit oorkant gryp. As hierdie aardse tabernakel vergaan, het ons een wat wag. Dis die rede waarom jy die dinge van die wêreld vergeet. Hulle is dood, vir jou. Daar's die Gees.

Nou hou dit dop soos ons nou aanbeweeg, die twee geeste.

139 Die Heilige Gees is die nuwe Geboorte, ons weet dit. Dis om wedergebore te word, uit die Gees van God. Dis hoe jy gebore word, deur die Gees. Gebore uit die Gees, dis die nuwe Geboorte.

Goed. Jy's verwek uit die Gees; dan wanneer jy gebore word uit die Gees, is jy vervul met die Heilige Gees. Goed.

140 Dan wanneer hierdie twee in die aarde is, die natuurlike en die geestelike, partymaal die . . . ek het dit gesien. Nou ter afsluiting, ek wil by 'n afsluiting kom nou, deur hierdie vir 'n paar minute te sê. In die natuurlike of in die geestelike, elkeen . . . Nou ek hoop dat almal hierdie begryp. Nou wees net so stil en eerbiedig as wat julle kan.

141 Nou, het julle dit ooit gesien? Julle sien in ons kerke vandag, selfs in die groepe waar ons onsself afgeskei het en organisasies gemaak het; en ons het dit alles gesien. En julle het 'n man 'n sekere Skrif sien optel, en, broer, daardie man kan daardie Skrif neem en dit opnuut laat lewe, dit laat lewe presies net wat dit hier belowe het in die Bybel. En die volgende man sal hom dit sien doen, en hy sal kom en dit probeer doen, en misluk. Ek hoop julle lees nou. Hy sal misluk. Hoekom? Die Skrif is nie geïnspireer vir hom nie. Hy probeer net naboots. Hy probeer maak soos iets. Hy was nie . . . Wel, miskien was hy gestuur deur mense. Miskien het 'n sekere man gesê: "Wel, jy kan dieselfde ding doen." Sien, net soos Jesus gesê het dit sou so wees. Die Bybel voorspel dit in die laaste dae: "Soos Jannes en Jambres Moses weerstaan het."

142 Daar het Moses gestaan, en daar het Jambres gestaan. En Moses het sy staf neergegooi, en dit het 'n slang geword. "Wel," het Farao gesê: "kom hier, Jambres, jy kan dieselfde ding doen." En hy het, sien. Maar wat het gebeur? Toe het Moses se staf sy staf opgeëet. Sien, dit was gemanifesteer. Waar was sy staf?

143 Net soos super—sensoriese waarneming. Dis soos sekere van hierdie spiritualisme. Dis soos sekere van hierdie kerke wat hulle vleeslik glo, ver weg. Die dinge van . . . Hulle sê: "Wel, dit was vir 'n ander dag." Hulle is heeltemal uit. Maar kyk hoe hierdie gees in die laaste dae gaan om die ware Gees na te boots. Sien? Dis waar julle probleme kom. Net presies soos die een wat eg is, sien; maar hy kon dit nie manifesteer nie, hy kon dit nie laat vashou nie, hy kon dit nie laat hou nie. O God!

144 Mense kom op en sê: "Ek het die Heilige Gees, ook." Kyk hoe lewe hulle; dit hou nie van een herlewing na 'n ander, van een byeenkoms na 'n ander nie. Dit word gemanifesteer, hulle het Dit nie. As 'n man gebore is uit die Gees van God, of 'n vrou, het hulle die vrugte van die Gees. Hulle wandel Goddelik. Hulle lewe daardie lewe. Sien? Hulle bly weg van die dinge van die wêreld. God beweeg in hulle en manifesteer Homself, en bewys dat Hy God is wat daarbinne werk. Die ander is nabootsing. Sien?

145 Nabootsings, dis wat die heelpad deur was, nabootsing. Kyk na Ismael, en Isak; en reg deur, sien, nabootsing. Kyk na die profeet Moses, en kyk na die profeet Bileam. Sien? Sien hoe hulle afkom! Kyk na Judas, en kyk na Jesus.

146 En Jesus voorspel dat hierdie Heilige Gees, in die laaste dae, die Seël van God sal wees. Nou, wat sou die merk van die dier wees? Sou wees om die Seël van God te verwerp. Want, almal wat nie die Seël van God gehad het nie, het die merk van die dier gehad. En as dit twee geestelike merke is, sal een van hulle 'n ware merk van God wees, die ander een sal afvalligheid wees. Kan julle dit sien?

147 Kyk na die merk in die Ou Testament. Wanneer die basuin geblaas het, die jubileum, elke soveel jaar, het die—die slawe vry gegaan, omdat die basuin geblaas het. Wel, elkeen wat vry wou wees, kon gaan. Maar sommige van hulle, hulle het daarvan gehou om slawe te wees, so hulle het hulle na die altaar geneem en in die paal van die kerk, en hulle ore deurboor met 'n els. En hulle was vir altyd gemerk, hulle het altyd daardie meester gedien.

148 En vandag sal julle 'n Evangelie boodskap hoor oor Waarheid: "Nou julle kan vry wees as julle wil," God praat met julle. Maar wanneer julle bo by daardie grenslyn hier kom, en oorkyk, en 'n kennis van Waarheid het, en dan wegdraai, boor hy jou in die oor, en sal jy altyd 'n intellektuele gelowige wees. Jy sal godsdienstig wees en kerk toe gaan, maar nooit die Heilige Gees ontvang nie. Sien, dan dien jy dit die res van jou dag. Nou, die merk van die dier, of die Seël van God. En ons kom so naby.

149 Nou, kyk, die Woord moet geïnspireerd wees; hoor Dit, herken Dit, en handel Daarvolgens. Baie mense sal hoor, maar sal Dit nie herken nie.

God sal sê: "Hierdie is die uur vir jou."

150 "Ek sal nie 'n 'holy—roller' wees nie. Ek—ek wil niks Daarvan hê nie." Sien, hulle herken Dit nie.

151 Ons sal na byeenkomste toe gaan, die groot Heilige Gees sal afbeweeg. Ek het die ander dag daar gesit, toe 'n visioen voortgekom het en voorspel het net presies wat. Ek het gesê: "Hier kom 'n jong man." "Kom hier," beduie aan daardie kelner: "jy het hartprobleme en jy soek na . . . "

"Ja. Dis presies reg."

152 "Sien daardie vrou wat daar aankom?" "Kom hier. Jy het gewas op die bors, en dis op die linkerbors, en jy's in 'n baie swak toestand. En jy's 'n sondaar en het nie . . . "

"Presies reg."

153 Daardie mans wat daar gesit het, het omgekyk, predikers en al, gesê: "Goeiste!" Gaan na 'n byeenkoms, hou die Heilige Gees wat reg buite deur die byeenkoms gaan en die geheime van die harte vertel, dinge soos daardie. Sê: "Wonderlik. Ja." Sien? Sien? O, broer! Sien? Dit—dis—dis aan die ander kant, daar het iets gebeur. Vroue sal reguit bly voortgaan, dieselfde ding doen. Mans sal reguit aan teruggaan, soos 'n vark na sy moddergat en 'n hond

na sy braaksel, net dieselfde. Sien julle nie? Nou ek praat met die he—. . . die. . .

154 Sien, jy moet dan besef, vriend, in watter toestand jy is. Dis die rede hierdie band, ek gesê het: "Vir kerk alleenlik." Sien? "Die kerk alleenlik." As jy uitgeroep is uit die lig. . . uit die duisternis na die Lig, uit die dood na die Lewe; uit 'n formele, intellektuele begrip van Christus, na 'n wedergebore ondervinding; en jou lewe dophou, dat dit die dinge van die wêreld eenkant sit, en jy vir Christus staan, ongeag; dan het iets gebeur. Sien? Daar's iets in jou, wat honger en beweeg, soos dit was met Jakob. Sien, jy worstel met die Here, jy loop anders daarna. Iets is anders in jou, jy het verander.

155 Nou, dit het, voor dit gedoen kan word, moet dit aan jou geïnspireer wees. Ek gee nie om nie, ek kon hier staan en preek totdat ek het. . . die hare wat ek oor het uitgeval het, tot my skouers afbuig en ek negentig jaar oud was, en jy het elke dag geluister; totdat God dit aan jou lewendig maak, is jy steeds in dieselfde toestand.

156 Twee dae het ek gestudeer en gebid hieroor. Sien? Ek het gesê: "Here, moet ek dit vir die kerk sê?"

157 Iets het gesê: "Sê dit. Die uur is op hande. Sê dit." Ek voel Hy gaan my binnekort wegtrek, so ek—ek wil hê julle moet dit weet.

158 "Geen mens kan na My toe kom nie," het Jesus gesê: "behalwe as My Vader hom eers trek nie. O, Ek weet julle sê julle het God en Abraham, vir julle vader; maar Ek sê julle dit, julle is die. . . julle vader, die Duiwel," het Jesus gesê. Godsdienstige manne, priesters, en groot manne: "Julle is van die Duiwel, julle vader." Sien?

159 Let op die vrugte van die Gees. Nou, sien, dit moet lewendig gemaak word vir jou.

160 Ek kon my nie voorstel Noag wat sê nie: "Julle weet wat? Dit moet net wees dat dit eendag mag reën, so ek sal net uitgaan en vir my 'n ark bou. As dit reën, wel, sal ek in die ark klim, en reguit wegbeweeg. En niks sal my pla nie, want ek gaan in die ark klim en wegbeweeg." Kan julle julle voorstel? Nee. Nee. Dit was nie dit nie. As dit so was. . . O, mag die Uitverkorenes dit nou hoor. As dit so was, die eerste spotter wat verbykom, soos die Bybel gesê het daar was, gespot het met hom, sou hy sy hamer neergelê het en weggeloop het.

161 Soos mans vandag doen, wat begin met Jesus; en wanneer hulle oorkyk en die Waarheid sien, draai hulle weg Daarvan. Hulle kan Dit nie verduur nie.

162 Soos daardie bekende evangelis gesê het: "Dit sal—dit sal my bediening uitmekaar skeur." Ek gee nie om vir 'n bediening wat die Heilige Gees uitmekaar sou skeur nie. Dit behoort uitmekaar

geskeur te word. Nou, maar, sien, dis trots, soveel mens, soveel persoon. O, let op hierin nou.

163 Noag was buite in die veld, en hy het gehoor, en hy het herken, en hy het gehandel. Maak nie saak hoeveel spotters gekom het nie, hy het reguit aanhou bou.

"Noag, jy's 'n 'holy—roller'."

164 "Pla my glad nie." Aanhou bou! Hy het gehoor. Hy het dit herken as God, en dit beoordeel deur die Skrifte, en dit was so. Hy het reguit aanhou bou aan die ark, ongeag.

165 Kon julle julle voorstel, kon julle julle dit ooit voorstel, dat Moses, op sy pad na Egipte, eendag uitgegaan het en gesê het aan Sippora, sy vrou: "Sippora, weet jy wat? Ek het 'n bietjie van my taal opgeknap. Ek het 'n bietjie van my wiskunde agtermekaar gekry, en bietjie van my meetkunde en, o, baie ander dinge, en my geleerdheid. Sedert ek hieragter skape opgepas het, het ek—ek—ek 'n bietjie daarvan opgeknap. Ek het 'n fout gemaak onder in Egipte. Ek dink ek sal afgaan en dit regmaak. Ek dink ek sal afgaan"? Nee, die eerste golf wat teen hom gekom het, sou hy net daar geval het.

166 Wat het hy gedoen? Hy het alles vergeet wat hy ooit geweet het omtrent meetkunde en omtrent sy intellektuele. Dit was die een wat hom in die moeilikheid laat beland het.

167 Dis wat die kerk in die moeilikheid laat beland het vandag, is te veel geleerde predikers, sonder om gebore te wees uit die Gees. Mans en vroue hou daarvan om te luister na intellektuele toesprake, in plaas van om die krag en die opstanding van Jesus Christus te preek. Dis wat ons vandag in die moeilikheid laat beland het. Ons het nie meer hoërskole en geleerdheid vir predikers nodig nie. Ons het God—geroepe manne nodig wat gevul is met die Heilige Gees, en nie 'n sekere mensgemaakte teologie van 'n sekere denominasie nie. Ons het God—geroepe manne nodig.

168 Moses het skape opgepas, gevestig en vergeet. Hy het geweet sy intellektuele het misluk. Hy het geweet sy geleerdheid het hom gefaal. Hy het skape opgepas, maar hy het gehoor, o: "Trek jou skoene uit, Moses, die grond waarop jy staan, is heilig." Hy het daarna geluister. Wat was dit? Die Stem wat die Engel gespreek het, was Skriftuurlik. Hy het Abraham, sy vader belowe: "Ek sal die volk besoek nadat hulle hieronder was vir vierhonderd jaar, en Ek sal hulle uitbring met 'n magtige arm." Hy het herken dat daardie God se Skrif was wat gemanifesteer is.

169 Laat my 'n oomblik stop. Laat hierdie insink. Kan julle sien waarvan ek vandag praat? God se Woord word gemanifesteer reg voor julle, en julle besef dit nie. Dink nou aan Sodom en Gemorra; dink aan die belofte van Christus vir die laaste dae.

170 Moses het dit herken; dit was Skriftuurlik, dit was 'n belofte. Hy het gehoor, hy het herken. Iets het in hom gekom, broer, hy kon dit toe gaan doen. Hy het gehandel. Hy kon afgaan en elke Farao stop. Hy kon plae roep wanneer hy wou. Hy kon 'n Rooi See oopmaak, omdat hy gehoor het, hy herken het, hy gehandel het in God se plek.

"Ek sal God wees vir jou, wees jy 'n profeet vir My," het Hy gesê.

En hy het gesê: "Ek kan dit nie doen nie."

171 Hy het gesê: "Wel, dan, wees jy god, en laat Aäron jou profeet wees. Jy moet gaan, in elk geval."

172 Hy het nooit net gesê: "Wel, miskien behoort ek af te gaan en die dinge reg te maak nie."

173 Kon julle julle voorstel, Elía wat op die Berg Karmel, gesê het: "Julle weet, hierdie land is baie sondig, miskien, miskien behoort ek uit te gaan en Agab te vertel hy behoort homself te skaam. Miskien behoort ek op te gaan teen die berg daar, en gaan sit, en net so lank vas, totdat daardie mense so siek en sat word van my daarbo wat van honger doodgaan"? Nee. Nee. Dit was nie dit nie.

174 Maar hy het gehoor, en hy het herken, en hy het gehandel. "Ek het die kraaie beveel om jou te voed. Gaan op soontoe, by Krit."

175 Toe dit tyd geword het vir 'n konfrontasie tussen Baäl en God, het hy gesê: "Gaan, kry julle offers, doen enigiets met hulle wat julle wil, en roep julle god aan." Toe hulle hulself gesny het, en 'n klomp vlees gehad het, en op—en—af gespring het, baie geraas gehad het, het hy gesê: "Skree 'n bietjie harder, miskien is hy weg, agtervolg iewers. Hy mag aan die slaap wees." O, broer!

176 "Wel, julle weet wat?" Hy het gesê: "Ek's 'n gelowige in Jehova, so ek kan dit doen, in elk geval." O, nee, moet jy dit nie naboots nie. Nee. Moenie jy probeer Elía wees, totdat God jou roep om te wees nie. Ja, meneer. "Ek's 'n dienaar van Jehova." Daar's sewehonderd van hulle daaronder, ook, maar nie een van hulle het gewaag om dit te doen nie.

177 Toe, toe hy die jong os gesny het en die water oorgegooi het, het hy gesê: "Here, ek het dit gedoen op U bevel." Sien die. . .Enigiemand anders dit sou probeer het, sou 'n totale mislukking wees.

178 Moet geïnspireer wees aan jou! Die Heilige Gees moet dit bring en dit aan jou manifesteer.

179 Dis wat die probleem is vandag. Jy kan nie opgaan, die altaar, en sê nie: "Wel, halleluja, halleluja. Here, ek wil die Heilige Gees hê. Halleluja, halleluja." Nee.

180 Maar broer, suster, wanneer die Heilige Gees daardie Woord aan jou geïnspireer het, sal jy Dit kry voordat jy jou sitplek

verlaat. Iets in jou het opgebrand. Prediker hoef jou nie te vertel om *hierdie* te doen en *daardie* te doen nie. Die ou blare sal net afval, en nuwe blare sal verskyn. Dis geïnspireer aan jou. Jy sal nie kwaad word vir die prediker wanneer hy die Waarheid uit die Bybel preek nie. Jy sal Daarvan hou, uitreik Daarna. Dis Voedsel vir jou siel.

181 Selfs Jesus, Self, Hy het gesê: "Ek doen nie wat Ek wil doen, binne Myself nie. Die Seun kan niks doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie." Die Woorde. . .Hy was Emmánuel, Self. Hy was God op aarde; Jesus was. Hy was die vlees waarin God gewoon het. Hy was die tent waaronder God gelewe het. Amen. Maar in dit alles, die maagdelik gebore Seun van God, Emmánuel in die volheid van die Gees, Hy het die Gees sonder maat gehad. En, tog, in Sy Eie vlees, het Hy gesê: "Ek doen niks voordat die Vader My nie eers wys nie." Geïnspireer aan Hom, om dit te doen!

182 Satan het gesê: "Verander hierdie klippe in brood, en doen 'n wonderwerk. Laat my U dit sien doen."

183 Hy het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie.'" O, goeiste! Maar toe die skare honger was, het Hy vyf broodjies en twee vissies opgetel, en vyfduisend gevoed. O, halleluja! Julle sien wat ek bedoel?

184 Moenie probeer naboots nie. Dis wat die probleem is met Pinkster vandag. Wat die probleem is met die kerk vandag, daar's te veel wat probeer naboots dat hulle die Heilige Gees het. Daar's te veel wat Goddelike genesing probeer naboots. Daar's te veel wat verskillende dinge van die Here probeer naboots. Jy kan dit nie doen nie. Daardie dinge kom deur uitverkiesing, God wat roep, jy val uit die moederskoot uit daarmee. "Gawes en roepings is onberoulik." O, goeiste! Dis waar. Jy kan nie jouself iets maak wat jy nie is nie.

185 Maar as God jou roep, wees die dankbaarste persoon in die wêreld omdat Hy jou geroep het. Dan word dit werklik vir jou.

186 Soos ek sou praat, as ek tyd gehad het, oor die eekhorinkies die ander dag, my omtrent omgedraai. Ek het dit nooit tevore gesien nie, en ek kon dit nie doen nie. Hattie, wat daaragter sit en na my kyk. Hoe kon dit ooit gebeur het? Dit kon dit nie gedoen het nie, maar dit was geïnspireer, lewend gemaak. Die Woord is gespreek en dit is so gemaak. Halleluja!

187 Paulus, kon julle julle voorstel dat hy sê: "Ek was uit op hierdie see vir veertien dae en nagte, en geen sterre of maan, of die son of niks nie. Reken ek sal net opgaan en hulle vertel: 'Hou goeie moed, want God sal vir ons sorg, in elk geval'"? O, God werk nie soos daardie nie. God doen dit nie.

188 Jou geloof is goed, broer. Jou geloof is wonderlik. Maar tot die ding aan jou geïnspireer is!

189 O, hier's 'n rooi lig wat daar hang, en as ek sien . . . ek sê: "Wel, ek het my voet op die versneller. Ek het 'n motor. Ek kan deur daardie lig oorkant gaan, 'n honderd en twintig myl 'n uur doen." Dis waar. "Ek kan die krag onder my voet voel." Maar jy beter wag tot die "gaan" teken. Halleluja!

190 Begryp julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wanneer die "gaan" teken aankom, goed. Wanneer die ding aan jou geïnspireer is, en God maak dit aan jou bekend soos Hy destyds het, goed. Maar totdat Hy dit doen, het ons 'n klomp Judas—teriane wat naboots, wat saamloop soos, sê: "Wel, ek is net dieselfde as wat hulle is. Ek's ook 'n Christen."

191 O, onthou julle nie? Die seuns van Skeva—Skeva, het uitgegaan en gesê: "Ons bestraf jou, bestraf jou in die Naam van Jesus wie Paulus preek. Kom uit!"

Hy het gesê: "Paulus ken ek, en Jesus ken ek, maar wie's julle?"

192 Die uur kom wanneer reg en verkeerd gemanifesteer word. Dit wys in die Christene vandag. Dit wys in die kerke vandag. Dit wys in die mense vandag. Ek hou julle lank; ek wil hê dit moet by julle uitkom.

193 Paulus het nooit gesê: "Ek reken ek sal net opgaan en sê: 'Wel, hou goeie moed,' nie." Nee.

194 Wat het hy gedoen? Hy het 'n Engel gehoor. Hy het geweet dit was dieselfde Engel wat altyd met hom gepraat het. Hy het herken, toe het hy gehandel. Opgegaan en gesê: "Hou goeie moed. Want die Engel van die Here, Wie se dienaar ek is, het gisternag by my gestaan, en my 'n visioen gewys dat daar niks verlore sal gaan, op hierdie skip nie. Hou moed. Gaan eet nou julle middagete. Alles is reg." Amen. Wanneer dit geïnspireer is aan jou, wanneer God dit regmaak!

195 Ek het 'n opmerking hier iewers, ek het dit neergeskryf gehad. Hier is dit net hier. Uh—huh. Ons is aan die einde van alle dinge. Laat my hierdie net inbring soos hierdie nou, ter afsluiting. Ek hoop dat God iets aan julle geopenbaar het. Kyk. Alles is aan die einde. Iemand het nou die aand gevra, ek dink dit was Broer Fred Sothmann, ons het gevra oor hoe naby die endtyd.

196 Broer Demos Shakarian het daardie visioen so gemanifesteerd gesien, en gebeur vyf dae later, tot die volmaaktheid, dit het hom net amper uit sy skoene laat val. Hy het my gebel. Hy het gesê: "Hoe gaan dit met Joseph?"

Ek het gesê: "Goed."

Gesê: "Sien hy visioene?"

197 Ek het gesê: "Ja. Hy het my vertel van David, Broer Woods se seun, waar hy geval het op 'n motorfiets, drie of vier dae voor dit gebeur het, net presies."

Hy het gesê: "Jy weet, daardie dinge volg families."

198 Ek het gesê: "Regverdig of boos, albei doen dit. Dit volg families."

199 En ons het 'n bietjie gepraat, en hulle, Fred het vir my gesê: "Waarvandaan kom dit, Broer Branham?"

200 Ek het gesê: "Kyk, Fred, laat ons dit neem volgens natuur. God werk in Sy natuur. Kyk, hou dop wat gebeur het. Die son het opgekom in die Ooste. Die oudste beskawing wat ons het, is China." Ons weet dit almal.

201 Die oudste beskawing wat ons het, is China. Goed. En die beskawing het die heeltyd weswaarts beweeg. En nou waarnatoe sou jy gaan as jy die Weskus verlaat, en reguit oorgaan? Na China gaan. Presies. Ons is aan die einde. Die Bybel het gesê, die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wanneer dit nie nag of dag is nie, wanneer die son oorbeweeg, maar in die aandtyd," net voordat dit opeindig hier oorkant: "sal dit weer Lig wees, dieselfde." Jesus het gesê: "Daar sal 'n vroeë reën en 'n laat reën wees. En die laat reën sal beide vroeë en laat reën voortbring in dieselfde seisoen." Ons is aan die endtyd.

202 Kyk hier, laat ek julle wys. Politiek is aan die einde. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wys my iets vandag . . .

Hierdie volk is die slegste in die wêreld, vir korrupsie, goddeloosheid. Wie het die Courier Joernaalkoerant gelees nou die aand, in Louisville, toe al hierdie vroue, uitgekies, elke volk, die mooiste vrou in die volk, en hulle laat opstaan het om Mej. Heelal te wees? Almal het, behalwe Rusland. En hulle het na Khrushchev gestuur en hom gevra: "Hoekom nie?" Hy het gesê: "Rusland trek nie hulle vroue uit, om voor mans te loop nie." 'n Heidense, goddelose volk, wat skande bring oor ons wat onsself Christene noem, gesê: "Rusland trek nie hulle vroue uit, om so uit te loop nie. En jy sien nooit kortbroeke of sulke goed soos daardie in Rusland nie." Dis die goddelose. En ons noem onsself "Christene"!

203 Geen wonder die Bybel het gesê nie: "Elke tafel is vol braaksel. En vir wie kan Ek doktriene leer, en wie is gespeen van die bors? Maar gebod sal op gebod wees, en reël op reël. Want met stamelende lippe en ander tale, sal Ek met hierdie volk praat. En hierdie is die Rus. Vir dit alles, wou hulle nie hoor nie." Ons het ons eie intellektuele begrip. O, hoe goed kon dit wees om heeldag Daarop te bly.

204 Politiek, korrup! Demokrate, Republikeine, en almal, is laag. Wat is dit? Dis 'n klomp inenting. Elke persoon wat daarin werk, wat nie wedergebore is nie, is van die Duiwel. Die Duiwel het gesê: "Elke koninkryk in die wêreld, behoort aan my," en Jesus het nooit met hom gedebatteer nie. Die wêreld word beheer deur die Duiwel. En elke mens wat werk vir die regering, as hy nie 'n Christen is nie, is hy van die Duiwel, en werk vir die Duiwel.

Hierdie volke sal almal val voor Jesus Christus wanneer Hy kom, daar sal 'n Millennium wees.

205 Kyk hierna vandag, wat hulle nou aangaan. Skree vir my oor 'n bietjie geld uitgee oorkant vir Christene, en wil my twintig jaar in 'n staatstronk gee, vir die uitgee van geld om 'n godsdienstige beweging te bedryf. En whisky en bier en sigarette skryf tiene van miljoene van dollars per jaar af, om die volk te korrupteer. En ek wat geregtigheid probeer preek, in die deur van Jesus Christus staan, en my tronk toe stuur daarvoor. En neem goed soos daardie van die bose, lae, slim, intelligensie, en laat hulle dit afskryf vir televisieprogramme wat die wêreld gekorrupteer het, vroue na die honde gestuur het. Een van die grootste vloeke wat die volk ooit gehad het, en hulle kom weg daarmee. Hulle stuur my tronk toe vir die preek van die Evangelie, vir die neem van 'n paar dollars hierbuite om—om die Evangelie te preek, wat mense vir my gegee het om die Evangelie mee te preek. Ek is nie ryk nie. Ek kan dit nie uitskryf nie. Maar tog wil hulle my tronk toe stuur, my twee jaar hou, en het 'n verhoor wat binnekort kom. O, hoe laag, hoe vieslik! God, wees genadig.

206 Ek sal hierdie een ding sê, miskien is dit die manier wat God het voordat Hy 'n atoombom stuur. Jy moet iets verkeerd doen, jy weet. Jy moet Sy gesalfde eenkeer aanraak, vir hierdie selfde Skrif, voordat dit. . . "Raak My Uitverkorene nie aan nie." Dis reg. So as dit dit moet neem om oordeel te bring, soos dit het in die dae van Daniël, of êrens anders, laat dit kom. Ek's U dienaar, Here. Dis reg. O, ja.

207 Politiek, laag! Volk, gekorrupteer! Wel, kyk wat! Hulle gaan nou soldate in kortbroeke sit. O, goeiste! Politiek, oorlog! Politiek is aan die einde. Diktators is verkeerd. Politiek is verkeerd. Hoekom het hulle nie gebly by 'n goddelike koning soos God hulle gegee het, Dawid nie? Die groot lord van Engeland het gesê, toe hierdie—toe hierdie demokrasie gevorm was, gesê: "Dis goed nou, maar dit sal die tyd aanbreek," het hy gesê: "dit sal niks wees nie. Dit sal alles seile en geen anker wees nie." En hy's reg. Gesê: "Politici staan op seepkiste op elke hoek, alle soorte van skelm dinge wat die regering korrupteer." En die man was reg. Presies wat aangaan.

208 Een man kan hier uitgaan, en hier deurgaan en dronk word, en alles uitmekaar skeur wat hy wil; en soontoe gaan, hy ken almal, so daar word niks gesê nie. Laat 'n arm man, of iemand wat nie weet nie, dit probeer doen, en hulle word tronk toe gestuur. Korrupsie, lae, vieslikheid, veertig persent van hulle homoseksuele. Dink daaraan, weer Sodom en Gemorra! Daar's die groep, veronderstel om godsdienstig te wees.

209 Ek—ek wonder wat volgende plaasvind, wanneer die volgende President inkom? God het ons een goeie goddelike man gegee, ou Dwight Eisenhower. En nou ek ho—. . .Hou die

volgende ding dop wat inkom. En ons mag 'n rot hê die volgende keer, verseker. Maar daar kom: "'n Farao wat nie vir Josef ken nie." Onthou dit. Dit sal daarby kom binne 'n sekonde. Politiek is gekorrupteer. Ons weet dit.

210 Oorlog is op 'n einde. O, hulle het eenmaal klippe na mekaar gegooi, mekaar op die kop geslaan met klipbyle, toe het hulle pyl en boog geskiet. Toe het hulle gewere gekry, toe masjiengewere, toe agt—en—tagtigs in Duitsland, en so groot kanonne by ons. Toe het hulle handgranate en gifgas gegooi. Maar hulle het 'n waterstofbom nou. Oorlog is aan die einde. Elke volk het hulle, so wat gaan jy nou doen? Selfs 'n klein volkie vandag, trek net 'n sneller, dis al wat hulle hoef te doen, en sy gaan heeltemal op. Oorlog is op 'n einde. Huh! Amen. Oorlog is aan die einde. Politiek is aan die einde.

211 Geleerdheid is aan die einde. Jeugmisdaad is aan die einde. Kinders, daar is geen hoop vir kinders nie, hulle het reeds mal geword. Jy kan geen opvoeding hê nie. Jy kan nie hier afgaan by die skool en hê, 'n kind kry met opvoeding nie. Hy's 'n—hy's 'n twee maal erger kind van die hel, wanneer hy uitkom, as wat hy is toe hy ingegaan het. Laat die onderwyser iets daaroor sê, hy sal doodgemaak word. Hulle vorm 'n klein kliek en gaan daaruit en skiet die onderwyser, neem hom uit en hang hom op. Ons het tweeduisend onderwysers verloor. O, wag 'n oomblik, ek dink dit was twintigduisend onderwysers hierdie vorige jaar. Ek blameer hulle nie. Ek sou dit ook nie wou doen nie. Nou het hulle elke keer tekens op: "Gee kollege opvoeding vir hierdie kinders." Hulle het dit nodig, maar die Duiwel het hulle. Die Duiwel het hulle. En dis nie net normaal om uit te gaan en wreed te wees en—en—en 'n hek af te haal en dit in 'n boom op te hang op Halloween aand, of 'n sekere klein wreedheid te doen soos kinders altyd gedoen het nie, of 'n boer se karretjie te neem en dit buite in die pad te sit, soos daardie nie; maar hulle is mal. Hulle doen dinge wat malligheid is; skiet jou, maak jou dood, vermoor jou, vergiftig jou, enigiets. Dis die volgende geslag.

212 Kinders kry is aan die einde, vroulikheid, moederlikheid. Tog, geboortebeperking oral toegepas, en klein hondjies het die plek geneem.

213 Sedes, daar's glad geen sedes meer daaraan nie. Vroue, wat boos aantrek; gekom deur televisie, alle soorte van nabootsings van bose mense van Hollywood, alle soorte van goed, modes. Alles aan die einde!

214 Opvoeding is aan die einde. Politiek aan die einde. Oorlog is aan die einde. Beskawing is aan die einde. Al daardie dinge is aan die einde. Goeiste, wat kan ons dan doen? Wat is volgende? Ons is aan die einde van alle dinge.

215 Nou die kerklewe is aan die einde, die normale kerk, die kerk. Nou, hierdie mag net 'n bietjie vassteek, maar die kerk vleeslik,

die Esaukerk, sy het aan haar einde gekom. Wat doen sy? Eindig op in die federasie van kerke, wat uiteindelik sal aansluit by Romanisme, om Katolisisme te beveg . . . of met Katolisisme om kommunisme te beveg. Pous Johannes vra vir al die kerke om terug te kom, en hulle sal. En hulle sal hulself verenig, net presies wat SO SPREEK DIE HERE.

216 Jy sê: "Wag 'n oomblik, Broer Branham. Jy raak van die lyn af." As ek is, het God Sy Bybel van die lyn af geskryf. Jy moet Miga wees, op hierdie geval.

217 Morris Cerullo het nou die aand vir my gesê, gesê: "Waar is die antichris, Broer Branham? Die Jood is die antichris."

Ek het gesê: "Morris! En jy, 'n Jood?"

Hy het gesê: "Hulle is die grootste God—haters wat daar is."

218 Ek het gesê: "Morris, moenie! Vertel my in die Skrif waar die antichris uit Jerusalem gekom het. Die antichris het uit Rome gekom, nie uit Palestina nie."

Hy het gesê: "Wel, kyk, ek's . . . Hulle is God—haters."

219 "Ja, het God nie gesê Hy het hulle oë verblind, sodat ons 'n dag van sig kan hê nie? Maar ons dag sal binnekort verby wees."

220 Hy het gesê: "O, Broer Branham, ek het nooit daaraan gedink nie." Sien, daar het julle dit.

221 Sien, ons is aan die einde. Die vleeslike wêreld, die vleeslike kerk is daarby, einde. Kyk hoe dit opeindig in die federasie van kerke. Verenigde Broers het in hulle ingegaan. Die Pinkster is in hulle in. Al die res van hulle organiseer hulself. Sien julle ondertoe, daardie Kaänaniete, al die pad af deur daardie Esaugeeste, baie godsdienstig, en hulself gekonfedereer met die wêreld; nie geestelike begrip nie, nie in staat om te oorwin nie, nie uitverkies deur God, om uitgeroep en afgesonder te word nie.

222 O, as ek dit net bekend kon maak, wanneer as ek dit net op een of ander manier kon afdruk! Hulle sien dit nie. Hulle het oë en kan nie sien nie, ore en kan nie hoor nie. O, hoekom is ons so dof in die Gees? Nou, luister hierna. Alles is aan die einde.

223 En die geestelike Kerk is aan Haar einde. Sy kom na die einde. O God! Kyk daaragter toe Sy begin het met Luther, afgeskud, die geestelike. Toe met Wesley, gekom na heiligmaking. Toe met Pinkster, die Heilige Gees. En nou aan die endtyd, die Gees van Christus so in die Kerk, dat Dit dieselfde werke doen wat Hy gedoen het, weer reguit terug na Haar Hoof; gereed vir die Kerk en Christus om te verenig, en die Koms van die Here Jesus, en die opstanding van die dooies. Ons is aan die endtyd. Jesus het so gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Verstaan julle dit?

224 Kyk na die vleeslike kerk. Kyk waarheen hulle gaan, verder en verder weg.

225 Kyk na die Geesvervulde Kerk, wat al Haar klein onsin afskud, opkom in die Gees, (in die minderheid, natuurlik), kom in die Gees, maar opbeweeg in so 'n plek in totdat Dit gekom het daar waar die Heilige Gees reg Daardeur beweeg, en Sy manier werk, gereed om haar Here te ontvang, gereed om haar Here te ontvang.

226 En die res van hulle georganiseer, wat teruggaan in die wêreld, verdeel, wat teruggaan in federasie in, wat opbeweeg in daardie een groot federasie hoof onder Katolisisme in. "En daar was 'n beeld gevorm vir die dier." 'n *Beeld*: "iets soos dit." 'n Konfederasie van kerk gevorm met Katolisisme, daardie twee saam, werk saam. "Wie is in staat om oorlog te maak met die dier of sy beeld?" Sekerlik nie. Hoe ons daardeur kan gaan vir ure!

227 Nou laat my dit vir julle sê, en dan sal dit tyd wees om af te sluit. Dis ek het . . . Ek het julle gesê dit gaan lank wees. Ek—ek voel net so opgewen. Toe God selfs hierdie dinge gesê het: "Vertel hulle. Spreek dit uit. Moenie langer stilbly nie. Wys Dit vir hulle. As hulle Dit nie ontvang nie, dan is die bloed nie op jou hande nie." Die uur is hier. Die tyd, dit kom alles tot 'n punt.

228 Die wêreld is aan sy einde. Dit kan nie meer staan nie. Die oorloë is aan sy einde. Jy kan nie meer oorlog hê nie. As jy oorlog het, sal dit nie; net eerste een wat die sneller trek, dis verby. Politiek, dis verrot en gekorrupteer.

229 Die kerkwêreld is Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinksters. "Dis die varke na sy moddergat, honde na sy braaksel." Dis reg, elkeen van hulle! God roep, uit daardie korrupsie, 'n Kerk wat uitverkore is. Dis presies. Esau, hulle het gesê: "Ons is die kerk!" Ek betwyfel dit nie. Jakob was Esau se vader, ook, dis reg, so, maar—maar . . . ek bedoel, Isak was Esau se vader, en Jakob was sy broer, saam met hom. Maar een het die geboortereg as beloning geag; die ander een het dit gehaat. Een het gehoor, herken, en gehandel. Die ander een het gesê: "O, solank as wat ek kerk toe gaan en doen wat reg is, watter verskil maak dit?" Daar het julle dit. Nou in . . .

230 Ek sê dit dan, ter afsluiting, nog hierdie een opmerking. Die ware Kerk het soveel om voor te lewe nou. O, dit behoort so 'n vreugdevolle tyd vir die ware Kerk te wees, vir die egte Kerk, vir die uitverkore Kerk, wanneer jy weet in jou hart jy het oorgegaan van die dood na die Lewe; wanneer jy na jouself kyk en sien, jou lewe dophou en sien dat al die dinge van die wêreld gesterf het, dat jy 'n nuwe skepsel geword het. Luister nou, ter afsluiting, aandagtig. Jy weet dat jy oorgegaan het, jou lewe bewys dit: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Jou hele oogmerk is Christus. Jy kyk uit vir Hom om enige oomblik te kom. Jy wandel in die Gees.

Jy het Hom lief. Jy sien Hom deur jou werk. Niks wat jy begeer om te doen, maar Hy doen dit net, Self. O, wat 'n tyd!

231 Herinner my aan die kunstenaar wat oorgegaan het na Rome, om te leer om 'n kunstenaar te wees, 'n jong kêrel. Hulle het hom opgelet. Hy was soveel anders as al die ander Amerikaanse seuns en meisies, en dinge wat soontoe oorgegaan het om kunstenaars te wees, en van die res van die wêreld. Hierdie een jongman was uitstaande. Hy was 'n goeie kêrel, en hulle het opgelet. Hulle sou yslike groot partytjies hou, en soontoe gaan en, hoe hulle maak in Rome, net dronk word soos hulle kan wees.

232 Ek was daar, self, en het dit gesien. Gaan uit op die straat, mans en vroue, en gaan aan. Selfs in die parke, het seksuele verhoudings reg in die park, reg buite in die oopte, gee geen aandag nie; Engeland, ook, al die res van hulle. Sien? Dis niks slegter as hier nie. Net dieselfde ding hier, omtrent net so sleg; net, bedek dit net 'n bietjie meer hier, as gevolg van die polisie en ding. Nou, maar net verskriklik!

233 Wel, hierdie een jong kêrel, hy het homself weggehou van dit alles. Wanneer hulle aangaan na hulle partytjies, sou hy hulle laat gaan, maar hy het geleer om 'n kunstenaar te wees. So, eendag het 'n ou opsigter, wat 'n Christen was, wat by die—die museum, die kunsgallery was, hy het gesê—hy het gesê: "Laat ons 'n klein wandelinkie neem, seun. Laat ons 'n wandeling neem, ek wil graag 'n oomblik met jou praat."

Hy het gesê: "Goed."

234 So hulle het gegaan, teen 'n heuwel opgeloop, en albei van hulle met hulle hande agter hulle, het teen die heuwel opgeloop. Die son was aan die ondergaan. En so het die ou man vir die jong kunstenaar gesê, hy het gesê: "Seun, jy's 'n Amerikaner."

Hy het gesê: "Ek is."

235 Hy het gesê: "Jy het hiernatoe gekom om jou opvoeding in kuns te kry. Ek veronderstel jy wil jou lewenstaak dié van 'n kunstenaar maak."

Hy het gesê: "Ek beplan om dit te doen, meneer."

Gesê: "Ek sien dat jy 'n Christen is."

Hy het gesê: "Ek is 'n Christen."

236 Hy het gesê: "Wel, daar's een ding wat ek jou graag wil vra. Ek het hierdie ander gevra. Hulle sê hulle is Christene, ook." Hy het gesê: "Wat maak jou so anders? Wat maak jou anders as die res van hierdie seuns van Amerika en hierdie meisies van Amerika? Wat maak jou so anders, en tog sê julle almal julle is 'Christen'?"

Hy het gesê: "Meneer, jy sien die rigting wat daardie son ondergaan?"

Hy het gesê: "Ek sien."

237 Hy het gesê: "Ver oor die oseaan, in 'n sekere staat, in New England, in 'n sekere stad in daardie staat, in 'n sekere huis in daardie stad, is 'n sekere meisie wie ek belowe het ek sou trou aan bly." Hy het gesê: "Dis al wat op my gedagte is, om my opvoeding van kuns te kry en terug te gaan na daardie meisie wat trou aan my bly." Hy het gesê: "Dis hoe ek lewe soos ek lewe."

238 O, broer, suster, julle mag wonder hoekom ons nie omgee wat hulle ons noem nie. Ek gee nie om wat hulle sê nie.

239 Ek het by Fred gestaan, nou die dag, onder in San Juan Puerto Rico, het oor die see gekyk, en opgelet buite, daardie koraalrif, 'n halfmyl uit, daardie groot branders wat breek. Hy het gesê . . . Flaminke wat in die tuin loop, sovoorts. Ek het gesê . . . Hy het gesê: "Broer Branham, hierdie is soos die Hemel."

240 Ek het gesê: "Maar die see sal stil wees daar, broer." Ek het gesê: "Net oorkant die see daar, is daar 'n sekere plek genaamd die Hemel, daar's 'n sekere Een, genaamd Jesus, in hierdie Hemel, wat eendag Hy al my sondes geneem het. En ek het Hom belowe ek sal trou aan Hom bly, ek sou die dinge doen wat Hy wou hê ek moet doen. Dis waarom ek nie skaam is vir Sy Evangelie nie, Dis die Krag van God tot redding." Dis wat 'n Christen anders laat lewe. Hy is anders omdat hy Iets het om anders voor te lewe.

Laat ons net 'n oomblik ons hoofde buig.

241 My neerslagtige vriend, vanmôre, het jy iets anders om voor te lewe, iets om jou uit die wêreld uit te bring, iets wat meer beteken vir jou as die hele wêreld, is om te lewe vir Christus? As jy dit nie het nie, hoekom ontvang jy Dit nie nou nie. Moenie net kerk toe gaan en sê: "Ek wil 'n goeie persoon wees," nie. Moet dit nie doen nie. Jy wil 'n Christen wees. Jy, as daar altyd iets in jou hart is, wat vir jou sê: "Jy's nie reg nie, maar Ek wil hê jy moet reg wees." Jy't altyd verlang om iets te wees wat jy nie nou is nie, weet jy nie dis God wat jou roep nie? Moenie jou rug daarop draai nie. "Want as jy eenmaal verlig is, en die geleentheid gehad het, en dit jou laaste keer weggewys het, bly daar geen offerande vir sonde meer nie." Moenie saam met Esau gaan nie.

242 Kom saam met Jakob, ongeag van die . . . ongeag van wat dit jou gaan kos. Dit kos jou jou huis, as dit jou jou werk kos, as dit jou man kos, dit jou vrou kos, as dit jou kinders kos, as dit enigiets kos, kry die geboortereg! Dis wat tel. En as jy so voel daaroor, vanmôre, en graag hierdie geboortereg wil hê! Ek kan Dit nie vir jou gee nie. God kan, en Hy's die Een wat met jou praat. Sal jy net jou hand opsteek, sê: "Bid vir my, Broer Branham. Daardie geboortereg, wil ek hê." God seën julle, oral oor. "Daardie geboortereg, wil ek hê."

243 Ons Hemelse Vader, ek dank U, Edelste en Heilige God, vir al U goedheid en genades aan ons die seuns en dogters van die mens. En ons besef dat ons aan die endtyd is, niks kan baie langer aangaan nie. Ons wag net in geleende tyd; soos dit was in die dae

van Noag, die lankmoedigheid van God, toe die ark voorberei is, toe net agt siele gered is. U het gesê: "So sal dit wees by die koms van die Seun van die mens. God se lankmoedigheid, nie gewillig dat enige sou vergaan nie, maar dat almal tot bekering kom."

244 En vandag in hierdie gebou, is daar mans en vroue wat hulle hande opgesteek het, seuns en meisies, jonk en oud, het hulle hande opgesteek, en sê: "Daar's Iets wat aan my trek." O God, mag hulle Dit nooit wegwys nie. Mag hulle hulle geleerdheid verkoop, mag hulle alles verkoop wat hulle het. Soos die man wat die groot pêrel gevind het; dit was 'n beroemde, groot pêrel, dit was die grootste pêrel, en hy het al sy kleintjies verkoop, dat hy hierdie beroemde, groot pêrel kan koop. Mag hulle alles uitverkoop wat hulle het van die wêreld, vanmôre, al hulle gewildheid van die wêreld.

245 Hierdie vroue wat hier sit, Here, baie van hulle wat die Evangelie soveel keer gepreek gehoor het, en steeds reguit aanloop in die wêreld in, en maak soos die wêreld en aantrek soos die wêreld, en na partytjies toe gaan en dinge wat die wêreld, deel hê aan wêreldse dinge en optree soos die wêreld, en die dinge van die wêreld gebruik. O God, mag hulle beskaamd wees, vanmôre. As daar enigsins enige hoop in hulle is, Here, draai dit vandag. Laat hierdie die uur wees.

246 En hierdie mans hier, Here, O God, wees hulle genadig. Baie van hulle wat steeds wandel in die dinge van die wêreld, steeds die dinge van die wêreld begeer en geniet, sonde, rook, drink, sosiale drankies, 'n klein biertjie aan die kant, of—of iets soos daardie, of sou begeer, en klein knipportrette, vuil aangetrekte jong vroue hang. En daardie liggame waarna hulle kyk op die straat, en hulle loop amper mense om om na hulle te kyk, en noem hulself Christene.

En weet dat daardie vorm van daardie vrou se liggaam in miskien in vier—en—twintig uur sal verrot oorkant in die graf, goggas en wurms wat kruip deur daardie gevorm en gemaakte houer van haar liggaam; en haar siel oorkant in 'n Duiwelse hel, vir die manier waarop sy gelewe het. En, tog, sou sy haar klein, geverfde lippe opsteek, en giggel en vir jou lag.

247 God, wees genadig aan daardie mense. O Here, moenie laat hulle verlore gaan nie. Wees asseblief genadig en stuur genade. Gee elkeen van hulle, Here. U is die enigste Een wat hierdie seën kan gee. En as U hulle geroep het tot die Ewige Lewe, mag hulle harte oopgaan; en hulle lê alles ter syde vanmôre, en dan sal hulle dit ontvang. Skenk dit, Vader.

248 En nou mag die Heilige Gees in hierdie byeenkoms inkom, vir die siekes en die beproefdes, en laat die mense sien dat hierdie Boodskap wat vanmôre gepreek is, dat die Koms en alles aan die einde is, en Jesus wat selfs in Sy Kerk werk. Laat dit nou gebeur, Here, dat U hierdie mense in U hande kan neem. En wanneer

hulle die Heilige Gees sien werk, tussen die mense beweeg, mag dit bevestig word, die Boodskap wat ek gepreek het, dat ons aan die endtyd is. En mag hulle hoor. Hulle het gehoor, en mag hulle herken dat daardie selfde Jesus, die manier waarop Hy dit gedoen het in Sy dag, Hy hier is en dit doen deur Sy Kerk in die laaste dag. En dan mag hulle handel, deur hulle lewens en liggame te gee, en siele en geeste, aan Hom. Ek gee hulle aan U, Here, in Jesus se Naam.

249 Nou, in die gebou waar die mense is, het ek Billy vanmôre gestuur om gebedskaarte uit te gee. Hy . . . [Leë kol op band—Red.]

250 Is jy siek en behoeftig? As God aan my sal openbaar, soos Hy het die vrou by die put, en my vertel wat jou probleem is, of iets omtrent jou, wat jy weet wat ek nie weet nie, sou dit jou laat geloof hê om God te glo? Sou dit die res van julle laat geloof hê? Is hierdie die eerste keer wat ons ontmoet? [Die suster sê: "Nee."—Red.] O, jy het my tevore gesien, maar ek is 'n vreemdeling vir jou. Is dit reg? Goed, mag die Here God jou versoek toestaan.

251 Nou, is dit werklik, of nie? O, goeiste! Beroep jou op jou intellektuele godsdiens. "Baäl," het gesê: "waar is hy?" Elía op die Berg Karmel, het gesê: "waar is Baäl? Waar? Maak hom wakker." Jy hoef Jesus nie wakker te maak nie. Hy's die heeltyd wakker. Hy's alomteenwoordig, ewiglewend, altyd in staat; dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Amen. God bly God.

252 Glo jy jou hartprobleem gaan jou verlaat en jy gaan gesond word? Jy's nie van hier nie. Gaan jy terug na Lexington en vertel die mense watter groot dinge die Here vir jou gedoen het. Sien?

253 Dit gaan bo—oor die koppe van mense, wat dit nooit begryp nie. 'n Lewendige Kerk sal dit gryp, vinnig, en weet dat die Teenwoordigheid van die Heilige Gees hier is.

254 Iemand hier agterin het hulle hand opgesteek. Was dit jy, dame? Glo jy God kan vir my jou probleem vertel? Die ou . . .

255 Die broer daarbuite op die punt, ek glo hy het gesê, 'n tydjie gelede, dit. Glo jy, broer? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Jy glo? Dan sal daardie velprobleem jou verlaat, jy sal reg wees. Glo jy dit? Jy aanvaar dit as genees? Steek jou hand op, as jy. Sien? Uh—huh. Goed. Hy's 'n vreemdeling vir my. Jy weet dit, Pat.

256 'n Dame wat daar kyk, wat bid, gekyk na my, gesê sy was 'n vreemdeling. Glo jy die hoë bloeddruk het jou verlaat? Dis reg, is dit nie? Steek jou hand op as dit reg is. Goed, hê geloof in God.

Sien julle wat ek bedoel?

257 Wat van party van julle mense wat my ken? Julle het iets op julle hart. Steek julle hand op. Soveel van julle! Ek kan dit nie maak nie; Dit moet net kom. Julle weet, dis julle geloof.

258 Georgie Bruce, ek sien haar daar sit. Jy probeer altyd iets kry vir iemand, Georgie. Jy is genees, met 'n kanker. Geen vraag in jou gemoed nie. Die dag toe jy na hierdie tabernakel gekom het en uitgeloop het by daardie deur oorkant, het die Heilige Gees op my gekom, en jou net daar vertel van 'n sekere daad waarvan niemand in die wêreld, behalwe jy en God en 'n ander persoon geweet het nie. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis reg. Jy glo my, nie waar nie, Georgie? Jy het iets op jou hart, Georgie. Glo jy God kan my vertel wat op jou hart is?

Sou dit die res van julle, mense, wat my ken, laat glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

259 Ek ken Georgie, maar sy dink aan iets. Sy het twee mense, wat weg is van hier, waarvoor sy bid. Beide van hulle woon in Corydon. Dis reg. En sy het 'n persoon hier, 'n man waarvoor sy bid, wat hierbuite in die hospitaal is. En jy bid, nie soveel vir sy genesing nie, maar die redding van sy siel. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dis reg. Dit reg, Georgie? Dis presies reg.

260 Iemand ver daaragter het hulle hand opgesteek, ver agter aan die agterkant, hier agterin. Jy, wat van jou? Sal jy jou hand opsteek, jy's 'n vreemdeling vir my? Hierdie man wat hier sit en na my kyk, ek ken jou nie. Glo jy dat ek God se profeet, God se dienaar is? Glo jy die Heilige Gees, wat ek vertel het die waarheid is? Glo jy Dit? [Die broer sê: "Ja."—Red.] As jy sal glo, gaan jy. Dis die enigste ding wat jy het, want jy ly aan kanker. Dis reg. Jy's nie van hierdie stad nie. Jy's van New Albany. Dit is reg. En jy het kanker. As jy sal glo met jou hele hart, sal jy gesond word. Sal jy dit aanvaar? Steek jou hand op. Geseënd sy die Here.

261 Ek glo, daardie vrou daarbuite met die witterige hoed om haar kop, gekleurde dame, het haar hand opgelig. Ek het nog nie 'n gekleurde persoon gehad nie. Glo jy, dame? Goed, meneer, glo met jou hele hart. Jy het hartprobleme, maagprobleme, komplikasies. Iemand het jou hiernatoe gebring, vanmôre. SO SPREEK DIE HERE. Dis reg, is dit nie, dame? As dit reg is, wuif daardie sakdoek wat jy in jou hand het, sodat die mense sien. Ek het nooit die vrou in my lewe gesien nie.

262 Het jy jou hand opgesteek? Ek's 'n vreemdeling vir jou? En jy 'n vreemdeling vir my. Glo jy God ken my, of God ken jou? Glo jy Hy kan my sê wat op jou hart is? Jy bid vir iemand. Dis jou vader, het hartprobleme. Dis reg. En jy soek die doop van die Heilige Gees. SO SPREEK DIE HERE.

As jy kan glo!

263 Wat van die klein dametjie met haar hand op soos *hierdie*, glo jy? Jou probleem is daardie uitslag op jou hand. Maar jy bid vir 'n kleinkind. Dis reg. Die kind is nie normaal nie. Dis waar. Is dit nie, dame? Jy glo met jou hele hart, daarvoor.

Toe ek gesê het: "kind." Wag 'n oomblik. O, daar is dit. Jou seun het 'n motorongeluk gehad; verkreupel. Ek ken jou nie, dame, maar dis waar. As dit reg is, steek jou hand op.

264 Nou, Wie's hier? Wie is Dit? Dis nie ek nie. Hoe kan ek dit doen? Moenie ongevoelig wees vir die Gees, Geestelike dinge nie. Dis God hier! Daardie Heilige Gees wat jy wil hê, glo jy Dit nou? Glo jy Dit nou? Goed, ontvang Dit dan nou. Nou is die tyd om Dit te ontvang. Glo met jou hele hart.

265 Julle wat siek of behoeftig is. Ek kan nie genees nie. Geen mens kan genees nie. Ek kan nie die Heilige Gees gee nie. Maar die Een wat kan genees en die Heilige Gees gee, Hy's hier. Hy's die Een Wie dit doen.

266 Nou buig julle hoofde. Glo julle nou, soos ek bid vir julle en hierdie sakdoeke.

267 Ons Hemelse Vader, sover as wat ek weet, het ek deur almal gegaan wat vreemdelinge is, sover as wat ek myself voel swak word en wegkwyn het; gelei gevoel dat hierdie die tyd is wat die Uitverkorenes miskien gesien het. Mag een en elkeen van hulle, Here, wat geroep is en toegelaat is om geroep te word deur U Gees; iets, hulle geloof, hulle het meer geloof gehad (party van hulle) as wat hulle gedink het hulle het. Hulle het net begin in hulle harte.

268 En die vrou het eenkeer Sy kleed aangeraak toe Hy verbygegaan het, en Hy het omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?"

En hulle het gesê: "Wel, almal het U aangeraak."

269 Hy het gesê: "Maar Ek het gevoel Ek word swak." En hy het die klein vroutjie gekry en haar vertel sy het bloedvloeïng, en haar geloof het haar gesond gemaak.

270 En die Bybel het gesê, dat: "Hy is steeds 'n Hoëpriester, vandag, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Die Skrif het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." En as Hy dieselfde is, en dieselfde Hoëpriester, sal Hy dieselfde optree, en dieselfde doen.

271 En mag die mense sien dat die Geesvervulde Kerk tot 'n punt kom. Christus maak gereed om te kom en Sy Kerk te neem. Sy laaste groot tekens, soos dit was in die dae van Sodom; Wie gepraat het, Sara geken het, en geweet het hy het 'n vrou genaamd Sara, geweet het sy het in die tent gelag; Hy het gesê: "Dit sal 'n teken wees. Wanneer julle dit sien, onthou, daardie geslag sal nie verbygaan totdat dit alles vervul is nie." Hier is dit. Ons is aan die einde.

272 Skenk, Here, dat elke siek persoon hierbinne mag weet dat die lewende Here Jesus Christus teenwoordig is. Mag hierdie sakdoeke geseënd wees aan elke siek liggaam waarnatoe hulle gaan. Ek bestraf die Duiwel, vir die mense. Ek werp hom, deur

die Gees van God, in geloof, werp ek elke skadu van twyfel weg. Mag elke persoon hier, wat verordineer is tot die Ewige Lewe, Dit hierdie uur ontvang. Mag elke bygeloof, elke klein afkoeling, elke klein dingetjie van die wêreld, elke klein las, soos die Bybel gesê: "Laat ons elke las aflê, en die sonde wat ons so maklik omring; dat ons die wedloop wat voor ons is; met volharding mag loop; en die oog gevestig" (op wat? op die kerk? op die organisasie?) "op die Leidsman en Voleinder van ons geloof," wat nou hier is: "Jesus Christus, die Seun van God." Die oog op Hom Wie . . . Ons hoef nie woorde te neem wat ons weet waar is nie, maar tog is daardie Woorde werklik gemaak vir ons vanmôre. Daardie selfde Jesus wat gesterf het, is nie dood nie, Hy het weer opgestaan, en tweeduisend jaar later bring Hy Sy Kerk tot 'n punt. Die gees van Judas werk onder hulle. Maar mag hulle elke struikelblok en alles ter syde stel, hierdie uur, en Hom ontvang.

273 Mag hulle hoor, wat hulle het, deur die preek. Mag hulle nou herken dat die einste Woorde wat hulle gehoor het, gemanifesteer is, en hulle herken Dit, dat Dit Christus is. En mag hulle nou handel, handel Daarvolgens: Dit ontvang, en op hulle voete staan, getuienis gee; en in die Koninkryk van God ingaan, deur gevul te word met die Heilige Gees.

274 Mag die siekes genees word. Mag die beproefdes genees word. Mag elke hartsbegeerte reggemaak word. Skenk dit, Almagtige God.

275 Nou met julle hoofde gebuig, julle harte oop, gee julself net 'n tyd van gebed; net voor, ek reken, die doopdiens wat kom, net voor dit. Daar sal nog 'n diens wees vanaand.

276 Nou, onthou, moenie dat hierdie geleentheid verbygaan nie. Ek was nou hier vir twee en 'n half uur, of meer, net my tyd probeer neem, en die Evangelie in te bring, en Dit net perfek in te lê. Toe het ons reguit afgekom na die einde. En die einste teks: hoor, herken, handel. Moenie dat dit oor jou kop gaan nie. Jy het Dit gehoor. Herken jy dat Sy Teenwoordigheid hier is? Weet jy Dis Hy wat jou roep? Handel dan Daarvolgens. God sy met julle. Hê 'n tyd van gebed.

277 Broer Neville, kom jy, 'n klein bietjie in gebed, as jy hiernatoe sal kom.

Verhef hom net.

Die Aanhoor, Herkenning, Handeling Volgens Die Woord Van God AFR60-0221

(Hearing, Recognizing, Acting On The Word Of God)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagoggend, 21 Februarie, 1960, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2000 deur:

AFRIKAANS

©2000 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org